- (c) by the addition at the end thereof of the following sub-sections:

“(3) The registrar may exempt any particular type of publication from the provisions of this section on such conditions as he may determine.

(4) For the purposes of this section ‘publication’ shall include an advertisement or any other medium or manner whereby such terms are brought to the notice of the public.

(5) The provisions of sub-section (1) shall not apply to a mortgage bond form used by a society, but the registrar may at any time direct a society in writing to delete or amend any clause in any of its mortgage bonds which in his opinion is undesirable.

(6) Any society which fails to comply with a written direction of the registrar under sub-section (5) within a period of sixty days from the date thereof or within such further period as the registrar may allow in writing, shall be guilty of an offence.”.

17. Section *seventeen* of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for paragraph (f) of sub-section (1) of the following paragraph:

“(f) the manner in which advances upon the security of the mortgage of immovable property are to be made and repaid.”;

- (b) by the addition at the end of paragraph (g) of the said sub-section of the following words:



„anders dan by wyse van deposito, en as deposito's aangeneem word, die voorwaardes van aanname en terugbetaling;”;

- (c) deur in paragraaf (h) van gemelde sub-artikel na die woord „aandehouers” die woord „depositogewers” in te voeg;
- (d) deur aan die end van paragraaf (p) van gemelde sub-artikel die woord „en” te skrap;
- (e) deur in die Engelse teks van paragraaf (q) van gemelde sub-artikel die woord „liquidated” deur die woorde „wound up” te vervang;
- (f) deur aan die end van gemelde sub-artikel die volgende paragrawe by te voeg:
- „(r) die wyse waarop enige samesmelting of oordrag van bates en verpligtings na of van 'n ander vereniging teweeggebring moet word; en
- (s) die ander aangeleenthede wat die registrateur goedkeur.”;
- (g) deur aan die end van paragraaf (b) van sub-artikel (3) die woord „of” by te voeg;
- (h) deur by gemelde sub-artikel die volgende paragrawe by te voeg:
- „(c) om aandele uit re reik behalwe aandele waarop ingeskryf word deur periodieke bydraes van vasgestelde bedrag en wat in alle opsigte *pari passu* gelykgeregterig is; of
- (d) om enige in paragraaf (a) van sub-artikel (1) van artikel *twee-en-twintig* bedoelde belegging te maak, tensy hy die voorafgaande skriftelike toestemming van die registrateur verkry het.”.

18. Die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende artikel na artikel *seventien* in te voeg:

„Modelstatute.

17bis. (1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* modelstatute wat nie met hierdie Wet strydig is nie, vir die bestuur van 'n vereniging voorskryf.

(2) 'n Vereniging wat dit die voorneme is om kragtens hierdie Wet te registreer, kan al of enige van die modelstatute aldus voorgeskryf en wat dan van krag is, as sy eie statute oorneem.

(3) By registrasie van 'n vereniging word bedoelde modelstatute, vir sover enige statute wat vir registrasie aangebied word nie met die modelstatute aldus voorgeskryf en alsdan van krag strydig is of dit uitsluit of wysig nie, geag deel uit te maak van die statute van daardie vereniging op dieselfde manier en in dieselfde mate asof dit in die aangebode statute vervat was.

(4) Geen wysiging, aanvulling of herroeping van die modelstatute is van toepassing op enige vereniging geregistreer voor die datum van die publikasie in die *Staatskoerant* van die kennisgewing waarin die wysiging, aanvulling of herroeping vervat is nie, tensy die wysiging, aanvulling of herroeping deur die vereniging in algemene vergadering ooreenkomstig die bepalings van artikel *agtien* aangeneem word.”.

19. Artikel *agtien* van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur sub-artikel (2) deur die volgende sub-artikel te vervang:
- „(2) Binne veertien dae vanaf die datum van die aanneme van 'n besluit tot wysiging of herroeping van 'n statuut of die maak van 'n aanvullende statuut, word twee afskrifte van sodanige besluit deur die sekretaris van die vereniging aan die registrateur ingestuur met 'n sertifikaat onderteken deur die voorsitter van die raad en die sekretaris van die vereniging dat aan die voorskrifte van die statute van die vereniging betreffende die wysiging of herroeping of aanvulling van 'n statuut voldoen is.”; en
- (b) deur sub-artikel (4) te skrap.

“other than by way of deposit, and if deposits are to be accepted, the conditions of acceptance and repayment;”;

- (c) by the insertion in paragraph (h) of the said sub-section after the word “shareholders” of the word “depositors”;
- (d) by the deletion at the end of paragraph (p) of the said sub-section of the word “and”;
- (e) by the substitution in paragraph (q) of the said sub-section for the word “liquidated” of the words “wound up”;
- (f) by the addition at the end of the said sub-section of the following paragraphs:
- “(r) the manner in which any amalgamation or transfer of assets and liabilities to or from another society shall be effected; and
- (s) such other matters as the registrar may approve.”;
- (g) by the addition at the end of paragraph (b) of sub-section (3) of the word “or”;
- (h) by the addition of the following paragraphs to the said sub-section:
- “(c) to issue shares other than shares subscribed for by periodical contributions of fixed amount and which shall rank *pari passu* in all respects; or
- (d) to make any investment referred to in paragraph (a) of sub-section (1) of section *twenty-two*, unless it has obtained the prior written consent of the registrar.”.

18. The principal Act is hereby amended by the insertion of the following section after section *seventeen*:

“Model rules.

17bis. (1) The Minister may by notice in the *Gazette* prescribe model rules not inconsistent with this Act for the government of a society.

(2) Any society which it is proposed to register under this Act may adopt as its rules all or any of the model rules so prescribed and in force at the time.

(3) Upon registration of a society, in so far as any rules tendered for registration are not inconsistent with or do not exclude or modify the model rules so prescribed and in force at the time, such model rules shall be deemed to form part of the rules of that society in the same manner and to the same extent as if they were contained in the rules tendered.

(4) No alteration of, addition to, or rescission of the model rules shall apply to any society registered prior to the date of the publication in the *Gazette* of the notice containing such alteration, addition or rescission unless the alteration, addition or rescission is adopted by the society in general meeting in accordance with the provisions of section *eighteen*.”.

19. Section *eighteen* of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for sub-section (2) of the following sub-section:
- “(2) Within fourteen days from the date of passing a resolution for the alteration or rescission of any rule or the making of any additional rule, two copies of such resolution shall be transmitted by the secretary of the society to the registrar together with a certificate by the chairman of the board and the secretary of the society that the provisions of the rules of the society governing the alteration or rescission of, or addition to any rule have been complied with.”; and
- (b) by the deletion of sub-section (4).

20. Artikel *negentien* van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende sub-artikels daarby te voeg, terwyl die bestaande artikel sub-artikel (1) word:

„(2) Die amptenare van 'n vereniging wat wetens en opsetlik 'n oortreding van die statute begaan of met so 'n oortreding saamstem, is aan 'n misdryf skuldig.

(3) 'n Vereniging moet 'n afskrif van sy statute beskikbaar stel vir insae deur lede van die publiek gedurende die normale besigheidsure.

(4) Enige lid is geregtig om op versoek sonder betaling van die vereniging 'n afskrif van die statute van die vereniging te verkry, en elke depositor is ingelyks geregtig op uittreksels van die statute wat op deposito's betrekking het.”.

21. Artikel *twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (2) na die woord „word” waar dit die eerste maal voorkom die woorde „op versoek” in te voeg; en deur in gemelde sub-artikel die woorde „en sulke gedeeltes van of verwysings na artikel *twee-en-twintig* in die statute as wat die registrateur voorskrywe” te skrap.

22. Artikel *een-en-twintig* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Minderjariges en getroude vroue.

21. (1) Tensy die statute van die vereniging anders bepaal, kan 'n minderjarige bo die ouderdom van sestien jaar of 'n getroude vrou, hetsy onder maritale mag al dan nie, lid wees van of depositor wees by 'n vereniging en kan hy of sy sonder die toestemming of bystand van sy voog of haar man, na die geval mag wees, alle nodige dokumente verly, alle nodige ontvangsbewyse gee, sy of haar aandeel of deposito seeder of verpand, teen sy of haar aandeel of deposito leen en in die algemeen met sy of haar aandeel of deposito handel soos hy of sy goedvind, en sodanige minderjarige of getroude vrou geniet verder al die voorregte (behalwe dat 'n minderjarige nie 'n amp kan beklee nie) en is onderhewig aan al die verpligtings waaraan lede of depositogewers onderhewig is.

(2) Behalwe met haar skriftelike toestemming, is die man van 'n getroude vrou wat ingevolge sub-artikel (1) 'n lid van of depositor by 'n vereniging geword het, nie geregtig om van die vereniging besonderhede te eis aangaande die aandele wat sy besit in of deposito's wat sy het by daardie vereniging nie.

(3) Tensy die statute van die vereniging anders bepaal, hoof 'n vrou, getroud of ongetroud, wat geld by 'n vereniging leen nie afstand te doen nie van die voordele van—

- (a) ‚Senatus Consultum Velleianum’, of
- (b) ‚Authentica si qua mulier’,

of albei, na die geval mag wees, en is sy onder die kontrak verbind asof van hierdie voordele inderdaad afstand gedoen was.”.

23. Artikel *twee-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur aan die begin van sub-artikel (1) die woorde „Indien daartoe gemagtig deur sy statute, het” in te voeg; en deur in gemelde sub-artikel die woord „het” waar dit die eerste maal voorkom te skrap;
- (b) deur in paragraaf (a) van gemelde sub-artikel na die woord „vereniging” waar dit die eerste maal voorkom die woorde „met inbegrip van die behuising van lede van sy personeel,” in te voeg; en deur in gemelde paragraaf die eerste en tweede voorbehoudsbepalings deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

„Met dien verstande dat, tensy die registrateur sy skriftelike toestemming daartoe verleen het en onderworpe aan die voorwaardes wat hy voorskryf, die totale belegging in enige sodanige grond en geboue deur enige permanente vereniging nie die persentasie uiteengesit in die tweede kolom hier-

20. Section *nineteen* of the principal Act is hereby amended by the addition thereto of the following sub-sections, the existing section becoming sub-section (1):

“(2) The officers of a society who knowingly and wilfully commit or concur in any breach of the rules of the society shall be guilty of an offence.

(3) A society shall make available for inspection by members of the public during the normal business hours of the society a copy of its rules.

(4) Upon request any member shall be entitled to obtain from the society free of charge a copy of the rules of the society and similarly every depositor shall be entitled to extracts from such of the rules as relate to deposits.”.

21. Section *twenty* of the principal Act is hereby amended by the insertion in sub-section (2) after the word “shall” where it occurs for the first time of the words “upon request”; and by the deletion in the said sub-section of the words “and such portions or references to section *twenty-two* and the rules as the registrar may prescribe”.

22. The following section is hereby substituted for section *twenty-one* of the principal Act:

“Minors and married women.

21. (1) Unless otherwise provided by the rules of the society, a minor over the age of sixteen years or a married woman whether under marital power or not may be a member of or depositor with any society and may without the consent or assistance of his guardian or her husband, as the case may be, execute all necessary documents, give all necessary acquittances, cede, pledge, borrow against and generally deal with his or her share or deposit as he or she thinks fit, and furthermore such minor or married woman shall enjoy all the privileges (except that a minor shall not hold office) and be liable to all the obligations attaching to members or depositors.

(2) Save with her written consent, the husband of a married woman who has become a member of or depositor with a society in terms of sub-section (1) shall not be entitled to demand from the society particulars concerning the shares she holds in or deposits she has with that society.

(3) Unless otherwise provided by the rules of the society, a woman married or unmarried borrowing money from any society need not renounce the benefits of—

- (a) ‚Senatus Consultum Velleianum’, or
- (b) ‚Authentica si qua mulier’,

or both, as the case may be, and shall be bound under the contract as though these benefits were in fact renounced.”.

23. Section *twenty-two* of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the insertion at the beginning of sub-section (1) of the words “If so authorized by its rules,”;
- (b) by the insertion in paragraph (a) of the said sub-section after the word “affairs” of the words “including the housing of members of its staff,”; and by the substitution in that paragraph for the first and second provisos of the following proviso:

“Provided that, unless the registrar has given his written consent thereto and subject to such conditions as he may prescribe, the total investment in any such land and buildings by any permanent society shall not exceed the percentage set



onder, in verhouding in elke geval tot die bedrag van die vereniging se opbetaalde onbepaalde aandelekapitaal en statutêre reserwe soos uiteengesit in die eerste kolom, mag oorskry nie.

out in the second column hereunder, in relation in each case to the sum of the society's paid-up indefinite share capital and statutory reserve as set out in the first column.

<i>Totale opbetaalde onbepaalde aandelekapitaal plus statuêre reserwe</i>	<i>Maksimum persentasie van grond en geboue</i>
Nie meer nie as £10,000,000 . . .	20
Nie meer nie as £50,000,000 . . .	15
Nie meer nie as £100,000,000 . . .	12½
Meer as £100,000,000 . . . . .	10";

<i>Total paid-up indefinite share capital plus statutory reserve</i>	<i>Maximum percentage of land and buildings</i>
Not exceeding £10,000,000 . . .	20
Not exceeding £50,000,000 . . .	15
Not exceeding £100,000,000 . . .	12½
Exceeding £100,000,000 . . . . .	10";

(c) deur paragraaf (c) van gemelde sub-artikel deur die volgende paragraaf te vervang:

(c) by the substitution for paragraph (c) of the said sub-section of the following paragraph:

„(c) van tyd tot tyd geld opneem deur die uitgifte, met inagneming van die bepalings van artikels *vyf-en-twintig*, *vyf-en-twintig bis* en *vyf-en-twintig ter*, van opbetaalde aandele of subskripsie-aandele of van beide opbetaalde aandele en subskripsie-aandele van sodanige klasse en groothede, en met sodanige voorkeurregte wat betref diwidende en onderworpe aan sodanige voorwaardes betreffende die oordrag as wat die vereniging ooreenkomstig sy statute mag besluit en met inagneming van hierdie Wet en die statute, bedoelde aandele afbetaal ooreenkomstig die voorwaardes waarop hulle uitgegee is.”;

“(c) from time to time to raise funds by the issue, subject to the provisions of sections *twenty-five*, *twenty-five bis* and *twenty-five ter*, of paid-up shares or subscription shares or both paid-up shares and subscription shares of such types and denominations, and with such preferential rights regarding dividends and subject to such conditions as to transfer as may be decided by the society in accordance with its rules and, subject to this Act and the rules, to repay such shares according to the terms under which they were issued.”;

(d) deur paragraaf (d) van gemelde sub-artikel deur die volgende paragraaf te vervang:

(d) by the substitution for paragraph (d) of the said sub-section of the following paragraph:

„(d) in die geval van 'n permanente vereniging—

“(d) in the case of a permanent society —

(i) met inagneming van die bepalings van artikel *drie-en-twintig*, spaardeposito's of vaste deposito's ontvang waarop rente betaalbaar is;

(i) to receive, subject to the provisions of section *twenty-three*, savings deposits or fixed deposits on which interest is payable;

(ii) met inagneming van die bepalings van artikel *drie-en-twintig bis*, geld op rente leen, behalwe in die vorm van spaar- of vaste deposito's, of oortrekkingsfasiliteite met 'n deur die registrateur goedgekeurde bank reël;

(ii) to borrow, subject to the provisions of section *twenty-three bis*, money at interest, other than in the form of savings or fixed deposits, or to arrange overdraft facilities with a bank approved by the registrar;

(iii) kontant as aanvullende sekuriteit aanneem ten opsigte van voorskotte ingevolge die bepalings van artikel *vier-en-twintig* gemaak en rente daarop betaal;”;

(iii) to accept cash as collateral security in respect of advances made in terms of the provisions of section *twenty-four* and to pay interest thereon;”;

(e) deur paragraaf (i) van gemelde sub-artikel deur die volgende paragraaf te vervang:

(e) by the substitution for paragraph (i) of the said sub-section of the following paragraph:

„(i) pensioene of gratifikasies aan sy werknemers betaal of pensioen-, voorsorg-, hulp- of mediese hulpfondse of skemas ten opsigte van sy werknemers aanvaar of instel en in stand hou, of hom by ander bouverenigings aansluit by die aanvaarding en instandhouding van so 'n fonds of skema: Met dien verstande dat die bates van so 'n fonds of skema nie toegelaat mag word om met die bates van die vereniging saam te smelt nie;”;

“(i) to pay pensions or gratuities to its employees or to adopt or to establish and maintain or to join with other building societies in adopting and maintaining pension, superannuation, benevolent or medical aid funds or schemes in respect of its employees: Provided that the assets of any such fund or scheme shall not be merged with the assets of the society;”;

(f) deur sub-artikel (1)*bis* te skrap; en

(f) by the deletion of sub-section (1)*bis*; and

(g) deur aan die end daarvan die volgende sub-artikel by te voeg:

(g) by the addition at the end thereof of the following sub-section:

„(3) Behalwe met die skriftelike goedkeuring van die registrateur en onderworpe aan die voorwaardes en beperkings wat hy voorskryf, mag 'n tydelike vereniging nie 'n in paragraaf (a) van sub-artikel (1) bedoelde belegging maak nie.”.

“(3) Save with the written consent of the registrar and subject to such conditions and limitations as he may prescribe, a terminating society shall not make any investment referred to in paragraph (a) of sub-section (1).”.

24. Artikel *drie-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

24. Section *twenty-three* of the principal Act is hereby amended —

(a) deur in sub-artikel (2) die woorde „Geld wat nie in vaste deposito geplaas is nie” deur die woord „Spaardeposito's” te vervang; en deur in gemelde sub-artikel die eerste en tweede voorbehoudsbepalings deur die volgende voorbehoudsbepalings te vervang:

(a) by the substitution in sub-section (2) for the words “Deposits, other than for fixed periods” of the words “Savings deposits”; and by the substitution in the said sub-section for the first and second provisos of the following provisos:

„Met dien verstande dat die raad na goeddunke magtiging kan verleen vir die uittrekking van spaardeposito's voor die verstryking van die

“Provided that the board may in its discretion authorize savings deposits to be withdrawn before

opseggingstermyn: Met dien verstande voorts dat geen kennisgewing van uittrekking deur dieselfde depositogewer gelyktydig met 'n vorige kennisgewing loop nie.”;

(b) deur sub-artikel (3) deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(3) 'n Vaste deposito moet op die vervaldag uitbetaal word tensy die depositogewer die vereniging skriftelik opdrag gegee het betreffende die manier waarop sodanige deposito of enige gedeelte daarvan weer by die vereniging belê moet word: Met dien verstande dat die raad na goeëdunke die deposito voor die vervaldag kan laat uitbetaal op aansoek van die depositogewer.”;

(c) deur sub-artikel (4) deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(4) Behalwe met die skriftelike toestemming van die registrateur, wat in die algemeen gestel kan word, en onderworpe aan die voorwaardes wat hy voorskryf, mag geen vereniging in verhouding tot sy totale bates soos in die eerste kolom hieronder onderskeidelik uiteengesit, enige persoon toelaat om 'n kredietsaldo op spaarrekening wat die in die tweede kolom hieronder uiteengesette bedrag te bowe gaan, te hou nie, of enige persoon toelaat om vaste deposito's te hou nie wat in die totaal, met uitsluiting van rente, twaalf maal die in die derde kolom hieronder uiteengesette bedrag te bowe gaan, of wat binne enige enkele maand terugbetaalbaar is tot 'n bedrag wat, met uitsluiting van rente, die bedrag in die derde kolom uiteengesit, te bowe gaan.

the expiry of the period of notice: Provided, further, that no notice of withdrawal by the same depositor shall run concurrently with a previous notice.”;

(b) by the substitution for sub-section (3) of the following sub-section:

“(3) A fixed deposit shall be paid out on the due date unless the depositor has instructed the society in writing as to the manner in which such deposit or any portion thereof is to be re-invested with the society: Provided that the board may in its discretion cause the deposit to be paid out before the due date on the application of the depositor.”;

(c) by the substitution for sub-section (4) of the following sub-section:

“(4) Save with the written consent of the registrar, which may be in general terms, and subject to such conditions as he may prescribe, no society shall, in relation to its total assets as severally set out in the first column hereunder, allow any one person to maintain a credit balance on savings account in excess of the amount set out in the second column hereunder, or allow any person to hold fixed deposits which exceed in the aggregate, exclusive of interest, twelve times the amount set out in the third column hereunder, or which fall due for repayment in any one month in an amount which exceeds, exclusive of interest, the amount set out in the third column.

<i>Totale bates van vereniging by die sluiting van sy jongste boekjaar</i>	<i>Maksimum krediet op spaarrekening</i>	<i>Maksimum maandelikse terugbetalings aan enige een persoon op vaste deposito's</i>
--	--	--

Onder £100,000 . . . .	£250	£500
£100,000 en onder £250,000 . . . .	£500	£1,000
£250,000 en onder £1,000,000 . . . .	£1,500	£2,500
£1,000,000 en onder £5,000,000 . . . .	£2,500	£3,500
£5,000,000 en onder £10,000,000 . . . .	£3,500	£4,500
£10,000,000 en onder £20,000,000 . . . .	£4,000	£5,000
£20,000,000 en bo . . . .	£5,000	£6,000”;

(d) deur aan die end daarvan die volgende sub-artikel by te voeg:

„(5) Waar fondse gedeponeer word vir rekening van 'n *bona fide*-trust, kan aparte rekeninge deur dieselfde trustee geopen word vir die verskillende trusts, onderworpe in iedere individuele geval aan die by sub-artikel (4) voorgeskrewe beperkings.”.

25. Die volgende artikels word hierby na artikel drie-en-twintig van die Hoofwet ingevoeg:

„Lenings en oortrekkings.

23bis. (1) 'n Vereniging leen nie geld van iemand anders as 'n deur die registrateur goedgekeurde bankier nie behalwe op bedinge wat skriftelik deur die registrateur goedgekeur is; maar hierdie bepaling is nie op die ontvangs van deposito's ooreenkomstig die statute van toepassing nie.

(2) Behalwe met die skriftelike toestemming van die registrateur en onderworpe aan die voorwaardes wat hy voorskryf, gaan geen vereniging enige kontrak aan om geld te leen, behalwe deposito's, wat voorsiening maak vir verpligte maandelikse terugbetalings wat die bedrae afsonderlik uiteengesit in die derde kolom in sub-artikel (4) van artikel drie-en-twintig, in verhouding onder-

<i>Total assets of society as at the close of the last financial year.</i>	<i>Maximum savings account credits.</i>	<i>Maximum monthly repayments to any one person on fixed deposits.</i>
--	---	--

Under £100,000 . . . .	£250	£500
£100,000 and under £250,000 . . . .	£500	£1,000
£250,000 and under £1,000,000 . . . .	£1,500	£2,500
£1,000,000 and under £5,000,000 . . . .	£2,500	£3,500
£5,000,000 and under £10,000,000 . . . .	£3,500	£4,500
£10,000,000 and under £20,000,000 . . . .	£4,000	£5,000
£20,000,000 and over . . . .	£5,000	£6,000”;

(d) by the addition at the end thereof of the following sub-section:

“(5) Where funds are deposited for account of a *bona fide* trust, separate accounts may be opened by the same trustee for different trusts, subject in each individual case to the limits prescribed by sub-section (4).”.

25. The following sections are hereby inserted after section twenty-three of the principal Act:

“Loans and overdrafts.

23bis. (1) A society shall not borrow money from any person other than a banker approved by the registrar except upon terms approved in writing by the registrar; but this provision shall not apply to the receipt of deposits in accordance with the rules.

(2) Save with the written consent of the registrar and subject to such conditions as he may prescribe, no society shall enter into any contract to borrow money, other than deposits, which provides for compulsory monthly repayments in excess of the amounts severally set out in the third column in sub-section (4) of section twenty-



skeidelik tot die bedrae afsonderlik uiteengesit in die eerste kolom in genoemde sub-artikel, te bowe gaan nie.

(3) 'n Lening of oortrekking aan 'n vereniging deur 'n goedgekeurde bank word nie ongeldig verklaar weens enige oortreding van hierdie Wet deur die vereniging nie.

(4) 'n Vereniging mag nie enige deposito's vermeld in paragraaf (e) van sub-artikel (1) van artikel *twee-en-twintig* of sekuriteite van die klasse genoem in paragrafe (c), (d) en (e) van sub-artikel (1) van artikel *vier-en-twintig* as sekuriteit vir lenings of oortrekkings verpand nie, tensy sodanige vereniging in kontant, of op deposito, of in sodanige sekuriteite soos voormeld, genoegsame bates hou om aan die vereistes van sub-artikel (1) van artikel *drie-en-twintig* te voldoen bo en behalwe die deposito's en sekuriteite aldus verpand; en hy mag bowendien nie verbande as sekuriteit vir lenings of oortrekkings verpand nie tensy hy, bo en behalwe enige verbande aldus verpand, in die totaal genoegsame onbeswaarde bates in kontant, of op deposito, of in sodanige sekuriteite soos voormeld, of in verbande, hou om die totale bedrag van al sy verpligtings wat in die genoemde sub-artikel (1) van artikel *drie-en-twintig* ter uiteengesit word, te dek.

23ter. (1) As sekuriteit vir die stiptelike terugbetaling van vaste termyn-aandele, en van deposito's, lenings en oortrekkings, vir die betaling van rente opgelooop daarop, vir die betaling van diwidende op aandele en vir die betaling van die bedrag wat hy homself verbind het om ten opsigte van toegestane voorskotte te betaal, moet elke vereniging hou—

- (a) in kontant; of
- (b) op deposito ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (e) van sub-artikel (1) van artikel *twee-en-twintig*; of
- (c) in sekuriteite vermeld in paragrafe (c), (d) en (e) van sub-artikel (1) van artikel *vier-en-twintig*,

'n bedrag wat nie minder is nie dan die som van—

- (i) dertig persent van die totale bedrag van sy verpligtings ten opsigte van—
  - (a) spaardeposito's;
  - (b) onversekerde banklenings en oortrekkings;
  - (c) banklenings en oortrekkings wat nie verseker is nie deur deposito's vermeld in paragraaf (e) van sub-artikel (1) van artikel *twee-en-twintig* of deur sekuriteite vermeld in paragrafe (c), (d) en (e) van sub-artikel (1) van artikel *vier-en-twintig*;
  - (d) ander lenings wat nie by wyse van gereelde paalemente terugbetaalbaar is nie, vir sover sodanige lenings binne een jaar vanaf datum terugbetaalbaar is;
  - (e) rente opgelooop op alle lenings, oortrekkings en deposito's;
- (ii) twintig persent van die totale bedrag van sy verpligtings ten opsigte van—
  - (a) vaste deposito's;
  - (b) vaste termyn-subskripsie-aandele uitgereik vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar;
  - (c) lenings terugbetaalbaar by wyse van gereelde paalemente;
  - (d) ander lenings wat nie by wyse van gereelde paalemente terugbetaalbaar is nie, vir sover sodanige lenings terugbetaalbaar is na een

*three*, in relation respectively to the amounts severally set out in the first column in the said sub-section.

(3) A loan or overdraft to a society by an approved bank shall not be invalidated by reason of any contravention of this Act by the society.

(4) A society may not pledge as security for loans or overdrafts any deposits specified in paragraph (e) of sub-section (1) of section *twenty-two* or securities of the classes mentioned in paragraphs (c), (d) and (e) of sub-section (1) of section *twenty-four*, unless such society holds in cash, or on deposit, or in such securities as aforesaid, sufficient assets to comply with the requirements of sub-section (1) of section *twenty-three* over and above the deposits and securities so pledged; and furthermore may not pledge as security for loans or overdrafts any mortgages unless it holds over and above any mortgages so pledged in the aggregate sufficient unencumbered assets in cash, or on deposit, or in such securities as aforesaid, or in mortgages, to cover the total amount of all its liabilities that are set out in the said sub-section (1) of section *twenty-three* ter.

23ter. (1) As security for the prompt repayment of fixed period shares and of deposits, loans and overdrafts, for the payment of interest accrued thereon, for the payment of dividends on shares and for the payment of the amount it is committed to pay out in respect of advances granted, every society shall hold —

- (a) in cash; or
- (b) on deposit in accordance with the provisions of paragraph (e) of sub-section (1) of section *twenty-two*; or
- (c) in securities specified in paragraph (c), (d) and (e) of sub-section (1) of section *twenty-four*,

an amount not less than the sum of —

- (i) thirty per cent. of the aggregate amount of its liabilities in respect of—
  - (a) savings deposits;
  - (b) unsecured bank loans and overdrafts;
  - (c) bank loans and overdrafts not secured by deposits specified in paragraph (e) of sub-section (1) of section *twenty-two* or by securities specified in paragraphs (c), (d) and (e) of sub-section (1) of section *twenty-four*;
  - (d) other loans, not repayable by regular instalments, in so far as such loans are repayable within one year from date;
  - (e) interest accrued on all loans, overdrafts and deposits;
- (ii) twenty per cent. of the aggregate amount of its liabilities in respect of—
  - (a) fixed deposits;
  - (b) fixed period subscription shares, issued for a period of not more than five years;
  - (c) loans repayable by regular instalments;
  - (d) other loans, not repayable by regular instalments, in so far as such loans are repayable after one

- jaar vanaf datum maar binne hoogstens vyf jaar vanaf datum;
- (e) diwidende betaalbaar of opgeloopt, met inbegrip van enige bedrag aanbeveel deur die raad of opgesit vir betaling as diwidend op subskripsie-aandele uitgereik vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar waar sodanige diwidende nie in die betrokke individuele aandele-rekening gekrediteer is nie;
- (iii) tien persent van die totale bedrag van sy verpligtings ten opsigte van—
- (a) vaste termyn-subskripsie-aandele uitgereik vir 'n tydperk van meer as vyf jaar;
- (b) opbetaalde vaste termyn-aandele;
- (c) lenings behalwe dié in paragrawe (i) en (ii) vermeld en terugbetaalbaar na meer dan vyf jaar;
- (d) kontant ontvang ingevolge subparagraaf (iii) van paragraaf (d) van sub-artikel (1) van artikel twee-en-twintig;
- (e) diwidende betaalbaar of opgeloopt met inbegrip van enige bedrag aanbeveel deur die raad of opgesit as betaling vir diwidende op subskripsie-aandele uitgereik vir 'n tydperk van meer as vyf jaar, waar sodanige diwidende nie in die betrokke individuele aandele-rekening gekrediteer is nie;
- (iv) die volle bedrag aan diwidende deur die vereniging op vol-opbetaalde aandele betaalbaar maar nog nie uitbetaal nie, met inbegrip van enige bedrag wat deur die raad vir uitbetaling as diwidende op sodanige aandele aanbeveel is, maar wat nog nie deur die lede bekragtig is nie; en
- (v) vyf-en-twintig persent van die totale netto bedrag wat hy homself verbind het om ten opsigte van toegestane voorskotte uit te betaal.
- (2) 'n Vereniging mag geen gelde, deposito's of sekuriteite wat vir die doeleindes van sub-artikel (1) gehou word, verpand of andersins beswaar nie.
- (3) Die Minister kan van tyd tot tyd enige vereniging van die bepalinge van hierdie artikel vrystel op die voorwaardes en in die mate en vir die tydperk wat hy bepaal as hy oortuig is dat spesiale omstandighede sodanige optrede regverdig.
- (4) Vir die doeleindes van sub-artikel (1) word die waarde van enige sekuriteit aldus gehou, behalwe kontant of die deposito's bedoel in paragraaf (e) van sub-artikel (1) van artikel twee-en-twintig, op enige datum geneem teen die markwaarde van daardie sekuriteit op daardie datum soos gesertifiseer deur die sekretaris van die raad van openbare skuldkommissarisse.
- (5) Vir die doeleindes van hierdie artikel sluit die woord 'lenings' nie 'n voorskot in wat deur die Staat onder 'n Regeringsondersteunde behuisingskema gemaak is nie.
- (6) In die geval van deposito's of aandele wat verpand is teen lenings ooreenkoms-tig paragraaf (b) van sub-artikel (1) van artikel vier-en-twintig, word die verpligtings van 'n vereniging soos bereken vir die doeleindes van paragrawe (ii) en (iii) van sub-artikel (1) verminder met die bedrag op sodanige lenings verskuldig."

26. Artikel vier-en-twintig van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur in paragraaf (a) van sub-artikel (1) na die woord „voorskotte” waar dit die eerste maal voor-

year from date but within not more than five years from date;

- (e) dividends due or accrued, including any amount recommended by the board or set aside for payment as dividend on subscription shares issued for a period of not more than five years, where such dividends have not been credited to the individual share account concerned;
- (iii) ten per cent. of the aggregate amount of its liabilities in respect of—
- (a) fixed period subscription shares, issued for a period of more than five years;
- (b) paid-up fixed period shares;
- (c) loans, other than any specified in paragraphs (i) and (ii) and repayable after more than five years;
- (d) cash accepted in terms of sub-paragraph (iii) of paragraph (d) of sub-section (1) of section twenty-two;
- (e) dividends due or accrued including any amount recommended by the board or set aside as payment for dividends on subscription shares issued for a period of more than five years, where such dividends have not been credited to the individual share account concerned;
- (iv) the full amount of dividends due by the society but not yet paid on fully paid-up shares, including any amount recommended by the board for payment as dividends on such shares but not yet confirmed by the members; and
- (v) twenty-five per cent. of the aggregate net amount it is committed to pay out in respect of advances granted.
- (2) A society shall not pledge or otherwise encumber any moneys, deposits or securities held for the purposes of sub-section (1).
- (3) The Minister may from time to time exempt any society from the provisions of this section on such conditions and to such an extent and for such a period as he may determine if he is satisfied that special circumstances justify his doing so.
- (4) For the purpose of sub-section (1) the value of any security so held, other than cash or the deposits referred to in paragraph (e) of sub-section (1) of section twenty-two, shall at any date be taken at the market value of that security at that date as certified by the secretary of the board of public debt commissioners.
- (5) For the purpose of this section the word 'loans' shall not include advances made by the State under any Government assisted housing scheme.
- (6) In the case of deposits or shares which have been pledged against loans in accordance with paragraph (b) of sub-section (1) of section twenty-four the liabilities of a society as calculated for the purposes of paragraphs (ii) and (iii) of sub-section (1) shall be reduced by the amount owing on such loans."

26. Section twenty-four of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the insertion in paragraph (a) of sub-section (1) after the word "advances" where it occurs for the



kom die woorde „en hervoorskotte” in te voeg; en deur in die tabel by die voorbehoudsbepaling by daardie paragraaf die volgende addisionele skaal in te voeg:

„Nie £500,000 te bowe gaande nie . . . 7½”; en deur in genoemde paragraaf die tweede en derde voorbehoudsbepalings deur die volgende woorde te vervang:

„'n Vereniging maak nie 'n voorskot wat meer is as—

- (i) tienduise pond of tien persent van die totaalbedrag van sy opbetaalde onbepaalde aandelekapitaal en statutêre reserwe soos aan die einde van sy jongste boekjaar nie, na gelang die een of die ander bedrag die grootste is, of in enige geval wat meer is as tweehonderduise pond nie;
- (ii) vyfduise pond of tien persent van sy onbepaalde aandelekapitaal, na gelang die een of die ander bedrag die kleinste is, in die geval van 'n vereniging wat geregistreer is maar van wie se eerste boekjaar die end nog nie aangebreek het nie.”;
- (b) deur in paragraaf (b) van gemelde sub-artikel die woorde „lede en nie-lede” deur die woord „depositeurs” te vervang;
- (c) deur in sub-artikel (1)*bis* paragrafe (a), (b) en (c) deur die volgende paragrafe te vervang:
  - „(a) wanneer 'n vereniging bedoelde perk weens 'n vermindering van sy bates oorskry;
  - (b) in die ander gevalle wat die registrateur vastel.”;
- (d) deur in sub-paragraaf (i) van paragraaf (a) van sub-artikel (1)*ter* die woord „vyfduise” deur die woorde „seweduisend vyfhonderd” te vervang;
- (e) deur in paragraaf (a) van sub-artikel (1)*quater* die woorde „tot 'n maksimum van vyftien jaar vanaf die datum van registrasie van sodanige verband” deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

„Met dien verstande voorts dat die bepaling van sub-artikel (4) en van sub-artikels (1) en (2) van artikel *vier-en-twintig ter* ten opsigte van elke sodanige verlenging *mutatis mutandis* van toepassing is.”;

- (f) deur sub-artikel (2) deur die volgende sub-artikel te vervang:
  - „(2) 'n Vereniging mag nie—
  - (a) geld teen sekuriteit van onroerende eiendom voorskiet nie tensy die verband wat die skuld verseker 'n eerste verband is, maar niks verhinder 'n vereniging om 'n tweede of latere verband te hou as bedoelde eiendom reeds aan hom by wyse van 'n eerste verband verhipoteker is nie;
  - (b) te eniger tyd toelaat nie dat 'n verband oor onroerende eiendom wat aan hom verhipoteker is, *pari passu* tel met 'n verband gehou deur enige ander persoon oor die eiendom aldus verhipoteker;
  - (c) geld voorskiet teen sekuriteit van 'n notariële algemene verband nie.”;
- (g) deur die tweede voorbehoudsbepaling by sub-artikel (3) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

„Met dien verstande steeds dat in die geval van eiendom wat aan die vereniging verhipoteker was en wat deur hom ingekoop is weens die versuim van die skuldenaar of wat in eksekusie verkoop is of by insolvensie of kragtens magtiging van die skuldenaar verleen na sy versuim onder 'n verband, 'n vereniging, ondanks die bepaling van hierdie sub-artikel, aan 'n koper teen sekuriteit van 'n verminderbare verband 'n bedrag kan leen wat nie meer is nie as die bedrag verskuldig aan die vereniging deur die vorige eienaar ten tyde van die koop of verkoping, na gelang van die geval, en voorheen verseker deur die verhipotekering van bedoelde eiendom, plus die totaalbedrag van koste

first time of the words “and re-advances”; and by the insertion in the table to the proviso of that paragraph of the following additional scale:

“Not exceeding £500,000 . . . 7½”; and by the substitution in the said paragraph for the second and third provisos of the following words:

“A society shall not make an advance exceeding—

- (i) ten thousand pounds or ten per cent. of the sum of its paid-up indefinite share capital and statutory reserve as at the close of its last financial year, whichever is the greater amount, nor exceeding in any event two hundred thousand pounds;
- (ii) five thousand pounds or ten per cent. of its indefinite share capital, whichever is the lesser amount, in the case of a society which has been registered but whose first financial year-end has not yet arrived.”;
- (b) by the substitution in paragraph (b) of the said sub-section for the words “members and others” of the word “depositors”;
- (c) by the substitution in sub-section (1)*bis* for paragraphs (a), (b) and (c) of the following paragraphs:
  - “(a) where a society exceeds such limit owing to a reduction in its assets;
  - (b) in such other cases as the registrar may determine.”;
- (d) by the substitution in sub-paragraph (i) of paragraph (a) of sub-section (1)*ter* for the words “five thousand” of the words “seven thousand five hundred”;
- (e) by the substitution in paragraph (a) of sub-section (1)*quater* for the words “up to a maximum of fifteen years in all from the date of registration of such mortgage” of the following proviso:
  - “Provided further that the provisions of sub-section (4) and of sub-section (1) and (2) of section *twenty-four ter* shall apply *mutatis mutandis* in respect of every such extension.”;
- (f) by the substitution for sub-section (2) of the following sub-section:
  - “(2) A society shall not —
  - (a) advance money on the security of immovable property unless the bond securing the debt is a first mortgage but nothing shall debar a society from holding a second or subsequent mortgage if such property is already bonded to it by way of a first mortgage;
  - (b) at any time allow a mortgage over immovable property bonded to it to rank *pari passu* with a mortgage bond held by any other person over the property so bonded;
  - (c) advance money on the security of a notarial general bond.”;
- (g) by the substitution for the second proviso to sub-section (3) of the following proviso:

“Provided always that in the case of property which was mortgaged to the society and which has been purchased by it owing to the default of the debtor or which has been sold in execution or upon insolvency or under authority of the debtor granted subsequent to his default under a mortgage bond, a society may, notwithstanding the provisions of this sub-section, lend to a purchaser on the security of a reducible mortgage, an amount not exceeding the amount due to the society by the previous owner at the time of purchase or sale, as the case may be, and previously secured by the mortgage of the said property, plus the aggregate

en preferente uitgawes deur die vereniging aangegaan ten opsigte van—

- (i) geregtelike proses deur hom ingestel teen bedoelde eienaar vir die invordering van enige van die gelde verskuldig onder die verband as gevolg van die versuim aan die kant van bedoelde eienaar;
  - (ii) die verkryging van transport van die eiendom op sy naam; en
  - (iii) sodanige noodsaaklike reparasies of die aanlê van 'n rioolstelsel, lig, water of sodanige ander noodsaaklike dienste as wat hy wettiglik verplig kan word om te voorsien op die versoek van 'n plaaslike bestuur of dergelike liggaam.”;
- (h) deur aan die end van sub-artikel (4) die volgende verdere voorbehoudsbepaling by te voeg:
- „Met dien verstande voorts dat 'n vereniging wat geregistreer is maar van wie se eerste boekjaar die end nog nie aangebreek het nie, nie geld mag voorskiet teen sekuriteit van 'n vaste termynverband op onroerende eiendom voordat twaalf maande vanaf die datum waarop hy geregistreer is, verstryk het nie.”;
- (i) deur sub-artikel (4)*bis* deur die volgende sub-artikel te vervang:
- „(4)*bis* Behalwe met die skriftelike goedkeuring van die registrateur, en onderworpe aan die voorwaardes en beperkings wat hy voorskryf, word geen vorm van garansie, behalwe 'n bankgaransie, as kollaterale sekuriteit vir die doeleindes van die bepalinge van sub-artikel (3) of (4) aangeneem nie, tensy sodanige garansie gesteun word deur bykomende sekuriteit in enige van die vorms uiteengesit in paragrafe (a), (b), (c) of (d) van sub-artikel (5) of deur 'n verband op stedelike of landelike onroerende eiendom.”;
- (j) deur sub-artikel (5) deur die volgende sub-artikel te vervang:
- „(5) By die berekening, vir die doeleindes van sub-artikel (3) of (4), van die waarde van enige gestelde kollaterale sekuriteit, word daardie waarde, indien die kollaterale sekuriteit—
- (a) uit kontant gedeponeer by die vereniging bestaan, geneem teen die volle bedrag aldus gedeponeer;
  - (b) uit deposito's by 'n permanente vereniging of vaste deposito's by 'n bank bestaan, geneem teen die volle bedrag van die deposito's;
  - (c) uit aandele in 'n permanente vereniging bestaan, geneem teen die op die aandele opgetaalde bedrag;
  - (d) uit 'n lewensversekeringspolis bestaan, geneem teen die afkoopwaarde van die polis;
  - (e) uit 'n bankgaransie of enige vorm van garansie goedgekeur deur die registrateur bestaan, geneem teen die volle bedrag gegarandeer;
  - (f) uit enige vorm van borgtog of garansie, behalwe 'n bankgaransie, bestaan, geneem teen die volle bedrag daarvan, met dien verstande dat sodanige borgtog of garansie tot die volle bedrag daarvan of sodanige kleiner bedrag, indien enige, as wat die registrateur mag goedkeur, gesteun word deur bykomende sekuriteit in enige van die vorms uiteengesit in paragraaf (a), (b), (c) of (d) wat gewaardeer word op die onderskeie basisse in genoemde paragrafe uiteengesit;
  - (g) in 'n vorm is wat nie in paragraaf (a), (b), (c), (d) of (e) vermeld word nie en die verband 'n verminderbare verband op onroerende eiendom is, geneem teen vyf-en-sewentig persent van die redelik vasgestelde waarde van die kollaterale sekuriteit; en
  - (h) in 'n vorm is wat nie in paragraaf (a), (b), (c), (d) of (e) vermeld word nie en die verband 'n vaste termynverband op onroerende eiendom is, geneem teen ses-en-sestig en tweederdes persent van die redelik vasgestelde waarde van die kollaterale sekuriteit.”;

amount of costs and preferent charges incurred by the society in respect of—

- (i) legal proceedings instituted by it against such owner for the recovery of any of the moneys due under the mortgage bond resulting from default on the part of such owner;
  - (ii) obtaining transfer of the property into its name; and
  - (iii) such essential repairs or the installation of sewerage, light, water, or such other essential services which it may be legally required to provide at the instance of a local authority or similar body.”;
- (h) by the addition at the end of sub-section (4) of the following further proviso:
- “Provided further that a society which has been registered but whose first financial year-end has not yet arrived shall not advance money on the security of a fixed term mortgage of immovable property until after the expiry of twelve months from the date upon which it was registered.”;
- (i) by the substitution for sub-section (4)*bis* of the following sub-section:
- “(4)*bis* Save with the written consent of the registrar, and subject to such conditions and limitations as he may prescribe, no form of guarantee, other than a bank guarantee, may be accepted as collateral security for the purpose of the provisions of sub-section (3) or sub-section (4), unless such guarantee is supported by additional security in any of the forms set out in paragraph (a), (b), (c) or (d) of sub-section (5) or by a mortgage over urban or rural immovable property.”;
- (j) by the substitution for sub-section (5) of the following sub-section:
- “(5) In calculating, for the purposes of sub-section (3) or (4), the value of any collateral security furnished, that value shall, if the collateral security—
- (a) consists of cash deposited with the society, be taken at the full amount so deposited;
  - (b) consists of deposits with a permanent society or fixed deposits with a bank, be taken at the full amount of the deposits;
  - (c) consists of shares in a permanent society, be taken at the amount paid up on the shares;
  - (d) consists of a life insurance policy, be taken at the surrender value of the policy;
  - (e) consists of a bank guarantee or any form of guarantee approved by the registrar, be taken at the full amount guaranteed;
  - (f) consists of any form of suretyship or guarantee, other than a bank guarantee, be taken at the full amount thereof provided that any such suretyship or guarantee shall be supported to the full amount thereof or such lesser amount, if any, as the registrar may approve, by additional security in any of the forms set out in paragraph (a), (b), or (d), which shall be valued on the bases respectively set out in the said paragraphs;
  - (g) is in any form not mentioned in paragraph (a), (b), (c), (d) or (e) and the mortgage is a reducible mortgage of immovable property, be taken at seventy-five per cent. of the value of the collateral security reasonably determined; and
  - (h) is in any form not mentioned in paragraph (a), (b), (c), (d) or (e) and the mortgage is a fixed term mortgage of immovable property, be taken at sixty-six and two-thirds per cent. of the value of the collateral security reasonably determined.”;



(k) deur sub-artikel (6) deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(6) Vir die doeleindes van sub-artikel (3) of (4) word enige bedrae deur die vereniging uitbetaal ten aansien van—

- (a) premies op versekeringspolisse bedoel om verdere sekerheid te verskaf vir die terugbetaling van 'n voorskot wat deur die verhipotekering van die onroerende eiendom verseker is; of
- (b) belastinge en lisensies ten opsigte van bedoelde onroerende eiendom; of
- (c) die instandhouding en reparasie van bedoelde onroerende eiendom; of
- (d) die aanlê van 'n rioolstelsel op bedoelde onroerende eiendom; of
- (e) die voorsiening van lig en water op bedoelde onroerende eiendom; of
- (f) die koste aangegaan by die omsetting van bedoelde onroerende eiendom van huurbesit na eiendomsbesit; of
- (g) regskoste aangegaan deur die vereniging ten opsigte van geregtelike prosesse deur hom ingestel teen 'n geldopnemer vir die verhaal van enige gelde verskuldig onder die verband as gevolg van die versuim aan die kant van bedoelde geldopnemer,

nie as deel van die voorgeskietede bedrag beskou nie, ongeag of die in paragrawe (a) tot en met (f) bedoelde bedrae namens die huidige geldopnemer of enige vorige geldopnemer uitbetaal is.”; en

(l) deur aan die end daarvan die volgende sub-artikel by te voeg:

„(7) 'n Tydelike vereniging mag nie geld teen sekerheid van 'n vaste termyn-verband op onroerende eiendom voorskiet nie.”.

27. Artikel vier-en-twintig bis van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur in sub-artikel (1) na die woorde „verband op onroerende eiendom” die woorde „of enige latere skriftelike ooreenkoms ingevolge sodanige verband” in te voeg;
- (b) deur aan die end van paragraaf (a) van gemelde sub-artikel die volgende sub-paragraawe in te voeg:
  - „(v) die voorsiening van lig en water op bedoelde onroerende eiendom;
  - (vi) die koste aangegaan om bedoelde onroerende eiendom van huurbesit na eiendomsbesit om te sit;”;
- (c) deur in paragraaf (b) van genoemde sub-artikel na die woord „verband” die woorde „of 'n latere skriftelike ooreenkoms ingevolge sodanige verband” in te voeg; en deur aan die end van daardie paragraaf die woord „en” by te voeg; en
- (d) deur aan die end van genoemde sub-artikel die volgende paragraaf by te voeg:
  - „(c) regskoste aangegaan deur die vereniging ten opsigte van geregtelike prosesse deur hom ingestel teen 'n geldopnemer vir die verhaal van enige gelde verskuldig onder die verband of enige latere skriftelike ooreenkoms ingevolge sodanige verband as gevolg van die versuim aan die kant van bedoelde geldopnemer.”.

28. Artikel vier-en-twintig ter van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur in sub-artikel (3) na die woord „eiendom” waar dit vir die eerste maal voorkom, die woorde „behalwe oop grond waarop 'n gebou opgerig word of opgerig staan te word” in te voeg; en
- (b) deur in gemelde sub-artikel die woorde „van direkteure” te skrap.

29. Artikel vier-en-twintig quater van die Hoofwet word hierby herroep.

30. Artikel vyf-en-twintig van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur in sub-artikel (1) die woorde „of 'n ingevolge artikel sewe voorlopig geregistreerde vereniging” te skrap;

(k) by the substitution for sub-section (6) of the following sub-section:

“(6) For the purposes of sub-section (3) or (4) any amounts disbursed by the society in respect of—

- (a) premiums on insurance policies designed to provide further security for the repayment of an advance secured by the mortgage of the immovable property; or
- (b) rates, taxes and licences in respect of the said immovable property; or
- (c) the maintenance and repair of the said immovable property; or
- (d) the installation of sewerage on the said immovable property; or
- (e) the provision of light and water on the said immovable property; or
- (f) the cost incurred in converting the said immovable property from leasehold to freehold; or
- (g) legal costs incurred by the society in respect of legal proceedings instituted by it against a borrower for the recovery of any moneys due under the mortgage bond resulting from default on the part of such borrower,

shall not be reckoned as part of the amount advanced, whether the amounts referred to in paragraphs (a) to (f), inclusive, were disbursed on behalf of the present borrower or any previous borrower.”; and

(l) by the addition at the end thereof of the following sub-section:

“(7) A terminating society shall not advance money on the security of a fixed term mortgage of immovable property.”.

27. Section twenty-four bis of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the insertion in sub-section (1) after the words “mortgage of immovable property” of the words “or any subsequent written agreement under such mortgage”;
- (b) by the insertion at the end of paragraph (a) of the said sub-section of the following sub-paragraphs:
  - “(v) the provision of light and water on the said immovable property;
  - (vi) the cost incurred in converting the said immovable property from leasehold to freehold;”;
- (c) by the insertion in paragraph (b) of the said sub-section after the words “mortgage bond” of the words “or any subsequent written agreement under such bond”; and by the addition at the end of that paragraph of the word “and”; and
- (d) by the addition at the end of the said sub-section of the following paragraph:
  - “(c) legal costs incurred by the society in respect of legal proceedings instituted by it against a borrower for the recovery of any monies due under the mortgage bond or any subsequent written agreement under such bond resulting from default on the part of the said borrower.”.

28. Section twenty-four ter of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the insertion in sub-section (3) after the word “property” where it occurs for the first time of the words “other than vacant land upon which a building is in the course of erection or about to be erected”; and
- (b) by the deletion in the said sub-section of the words “of directors”.

29. Section 24quater of the principal Act is hereby repealed.

30. Section twenty-five of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the deletion in sub-section (1) of the words “or a society provisionally registered under section seven”;

(b) deur paragraaf (a) van gemelde sub-artikel deur die volgende paragraaf te vervang:

„(a) aandele vir 'n onbepaalde termyn, wat opbetaalde aandele moet wees en waarvan die aandeelhouer nie geregtig is om te eniger tyd aflossing te vorder nie en wat die vereniging geregtig is om na ses maande kennisgewing aan die aandeelhouer af te los;”;

(c) deur sub-paragraaf (i) van paragraaf (c) van gemelde sub-artikel deur die volgende sub-paragraaf te vervang:

„(i) opbetaalde aandele uitgegee vir termyne van minstens vyf jaar;”;

(d) deur in die voorbehoudsbepaling by paragraaf (c) van gemelde sub-artikel die woorde „in sub-paragraaf (iii) van artikel *twee-en-twintig*” deur die woorde „sub-artikel (4) van artikel *drie-en-twintig*” te vervang;

(e) deur in sub-artikel (2) die woorde „of 'n ingevolge artikel *sewe* voorlopig geregistreerde vereniging” te skrap;

(f) deur sub-artikels (3), (4), (5), (6) en (10) te skrap;

(g) deur sub-artikel (7) deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(7) Wanneer die termyn van uitgifte van 'n vaste termyn-opbetaalde aandeel verstryk of wanneer 'n subskripsie-aandeel verval, moet die vereniging daardie aandeel aflos.”;

(h) deur die volgende sub-artikels aan die end daarvan by te voeg:

„(12) 'n Vereniging gee nie 'n aandeel uit met 'n reg op 'n oplopende diwidend nie behalwe waar sodanige reg beperk is tot die sewe jaar wat onmiddellik volg op die eerste registrasie van die vereniging en 'n eis vir sodanige opgeloopte diwidende beperk is tot die beskikbare winste van bedoelde sewe jaar.

(13) 'n Vereniging gee nie 'n opbetaalde aandeel uit teen 'n ander prys as sy nominale of sigwaarde nie en hy los nie so 'n aandeel af teen 'n bedrag wat die nominale of sigwaarde van sodanige aandeel te bowe gaan nie.

(14) 'n Vereniging gee nie 'n aandeel uit wat 'n preferente eis teen die bates van die vereniging in die geval van die likwidasië van die vereniging het nie.

(15) Waar 'n vereniging voor die inwerking-treding van hierdie sub-artikel 'n aandeel uitgegee het onderworpe aan die voorwaarde dat dit 'n preferente eis teen die bates van die vereniging in die geval van die likwidasië van die vereniging sal hê, verval sodanige voorwaarde by die verstryking van 'n tydperk van tien jaar vanaf die een-en-dertigste dag van Augustus 1959 of by die dood van die genottrekker van bedoelde aandeel voor daardie datum, na gelang van watter gebeurtenis eerste voorval.

(16) 'n Vereniging gee nie 'n aandeel uit wat aan die houer daarvan 'n gunstiger stemreg verleen as dié verleen deur enige van die ander aandele deur hom uitgereik nie.”.

31. Die Hoofwet word hierby gewysig deur na artikel *vyf-en-twintig* die volgende artikels in te voeg:

„Aandelekapitaal.

25bis. (1) Die bedrag van die opbetaalde onbepaalde aandeelkapitaal van 'n vereniging en van sy statutêre reserwe mag nie te eniger tyd minder wees nie dan vyf-en-twintig persent van die totaalbedrag van sy oorblywende opbetaalde aandeelkapitaal en van die deposito's, lenings en oortrekkings wat hy ontvang het maar nog nie terugbetaal het nie.

(2) Die opbetaalde aandeelkapitaal van 'n vereniging mag nie te eniger tyd minder wees nie dan veertig persent van die totaalbedrag wat ontvang is deur die vereniging op deposito en lening of oortrekking en nog nie terugbetaal is nie.

(3) Vir die doeleindes van sub-artikels (1) en (2) word die bedrag van die aandele-

(b) by the substitution for paragraph (a) of the said sub-section of the following paragraph:

“(a) shares for an indefinite period, which shall be paid-up shares and of which the shareholder shall not be entitled at any time to demand redemption and which the society shall be entitled to redeem after six months' notice to the shareholder;”;

(c) by the substitution for sub-paragraph (i) of paragraph (c) of the said sub-section of the following sub-paragraph:

“(i) paid-up shares issued for periods of not less than five years;”;

(d) by the substitution in the proviso to paragraph (c) of the said sub-section for the words “in sub-paragraph (iii) of paragraph (d) of sub-section (1) of section *twenty-two*” of the words “sub-section (4) of section *twenty-three*”;

(e) by the deletion in sub-section (2) of the words “or a society provisionally registered under section *seven*”;

(f) by the deletion of sub-sections (3), (4), (5), (6) and (10);

(g) by the substitution for sub-section (7) of the following sub-section:

“(7) Whenever the period of issue of a fixed period paid-up share expires, or whenever a sub-scripted share matures, the society shall redeem that share.”;

(h) by the addition at the end thereof of the following sub-sections:

“(12) A society shall not issue any share with a right to a cumulative dividend except where such right is limited to the seven years immediately succeeding the first registration of the society and any claim to such accumulated dividends is limited to the available profits of the said seven years.

(13) A society shall not issue any paid-up share at a price other than its nominal or face value nor shall it redeem any such share at an amount which exceeds the nominal or face value of such share.

(14) A society shall not issue any share which shall have a preferent claim to the assets of the society in the case of the winding-up of the society.

(15) Where a society has issued a share prior to the commencement of this sub-section subject to the condition that it shall have a preferent claim to the assets of the society in the case of the winding-up of the society, such condition shall lapse upon the expiry of a period of ten years from the thirty-first day of August, 1959, or upon the death of the beneficial owner of such share before that date, whichever event shall occur first.

(16) A society shall not issue any share which confers upon the holder thereof any voting rights more favourable than those conferred by any of the other shares issued by it.”.

31. The principal Act is hereby amended by the insertion after section *twenty-five* of the following sections:

“Share capital.

25bis. (1) The sum of the paid-up indefinite share capital of a society and of its statutory reserve shall at no time be less than twenty-five per cent. of the sum of its remaining paid-up share capital and of the deposits, loans and overdrafts it may have received but not yet repaid.

(2) The paid-up share capital of a society shall not at any time amount to less than forty per cent. of the total sum received by the society on deposit and loan or overdraft and not yet repaid.

(3) For the purposes of sub-sections (1) and (2) the amount of the share capital shall



kapitaal geag verminder te wees deur die totaalbedrag verskuldig aan die vereniging aan lenings gemaak teen die sekerheid van aandele in die vereniging.

(4) Van die opbetaalde aandeelkapitaal wat in berekening gebring word vir die doeleindes van sub-artikel (2) moet nie minder nie dan vyf-en-sewentig persent verkry gewees het deur die uitgifte van aandele beskryf in paragraaf (a) van sub-artikel (1) van artikel *vyf-en-twintig* en in sub-artikel (5) van hierdie artikel.

(5) Die uitgifte voor die eerste dag van Januarie 1937 deur 'n vereniging wat op daardie datum 'n geregistreerde vereniging was, van 'n opbetaalde aandeel op voorwaarde dat die houer daarvan nie te eniger tyd die aflossing van sodanige aandeel kan vorder nie of dat die vereniging nie te eniger tyd daardie aandeel kan aflos nie, word geag die uitgifte van 'n aandeel vir 'n onbepaalde termyn te wees.

(6) Die bepalings van hierdie artikel is nie op 'n tydelike vereniging van toepassing nie.

*25ter.* (1) 'n Vereniging betaal geen diwidend of bonus op die deur hom uitgeleide aandele behalwe uit die beskikbare winste van die vereniging nie.

(2) Geen vereniging betaal op enige aandeel in enige enkele boekjaar 'n diwidend, met inbegrip van 'n bonus, waarvan die koers die koers van die diwidend en bonus betaalbaar in daardie jaar ten opsigte van onbepaalde opbetaalde aandele deur hom uitgegee, met meer as twee en een-half persent te bowe gaan nie.

(3) Waar 'n vereniging voor die inwerkingtrekking van hierdie artikel 'n aandeel uitgegee het onderworpe aan voorwaardes waardeur die in sub-artikel (2) bedoelde beperkings oorskry mag word, verval bedoelde voorwaardes by die verstryking van 'n tydperk van tien jaar vanaf die een-en-dertigste dag van Augustus 1959 of by die afsterwe van die genottrekker van bedoelde aandeel voor daardie datum, na gelang van watter gebeurtenis die eerste voorval.

(4) Indien, in die geval van aandele wat uitgegee is onder voorwaarde dat vir die sewe jaar wat onmiddellik volg op die registrasie van 'n vereniging sy lede geregtig sal wees op 'n olopemde diwidend, die winste beskikbaar gedurende die voornoemde tydperk van sewe jaar onvoldoende is om bedoelde olopemde diwidend uit te wis, het die houer van bedoelde aandele geen vordering ten opsigte van enige tekort in die bedrag aldus betaalbaar nie.

(5) Die bepalings van hierdie artikel is nie op 'n tydelike vereniging van toepassing nie."

32. Artikel *ses-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur sub-artikel (1) deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(1) (a) Behoudens die bepalings van hierdie artikel sit elke permanente vereniging aan die end van elke boekjaar uit sy winste 'n bedrag opsy gelyk aan minstens tien persent van die netto winste in daardie jaar vir die doel om daarmee 'n reserwe, bekend te staan as die statutêre reserwe, te stig en in stand te hou: Met dien verstande dat die voornoemde tien persent verminder mag word met die verhouding, uitgedruk as 'n persentasie (tot twee desimale plekke), waarin die bedrag, indien daar is, wat op krediet van die statutêre reserwe staan, staan tot die totaalbedrag van aandeelkapitaal en deposito's by die afsluiting van bedoelde boekjaar.

be deemed to be reduced by the aggregate amount owing to the society on loans made against the security of shares in the society.

(4) Of the paid-up share capital taken into account for the purposes of sub-section (2), not less than seventy-five per cent. shall have been obtained by the issue of shares described in paragraph (a) of sub-section (1) of section *twenty-five* and in sub-section (5) of this section.

(5) The issue before the first day of January, 1937, by any society which at that date was a registered society, of a paid-up share on condition that the holder thereof could not at any time demand redemption of such share or that the society could not at any time redeem that share, shall be deemed to be the issue of a share for an indefinite period.

(6) The provisions of this section shall not apply to a terminating society.

Dividends.

*25ter.* (1) A society shall not pay any dividend or bonus on the shares issued by it otherwise than out of the available profits of the society.

(2) No society shall pay on any share, in any one financial year, a dividend, inclusive of any bonus, the rate of which exceeds the rate of dividend and bonus payable in that year in respect of indefinite paid-up shares issued by it, by more than two and one-half per cent.

(3) Where a society has issued a share prior to the commencement of this section subject to conditions whereby the limits referred to in sub-section (2) may be exceeded, such conditions shall lapse upon the expiry of a period of ten years from the thirty-first day of August, 1959, or upon the death of the beneficial owner of such share before that date, whichever event shall occur first.

(4) If, in the case of shares which have been issued on condition that for the seven years immediately succeeding the registration of a society its members shall be entitled to a cumulative dividend, the profits available during the aforementioned period of seven years are insufficient to extinguish such cumulative dividend, the holders of such shares shall have no claim in respect of any shortfall in the amount so payable.

(5) The provisions of this section shall not apply to a terminating society."

32. Section *twenty-six* of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for sub-section (1) of the following sub-section:

“(1) (a) Subject to the provisions of this section every permanent society shall at the end of each financial year set aside from its profits an amount equal to at least ten per cent. of the net profit in that year for the purpose of forming and maintaining therewith a reserve to be known as the statutory reserve: Provided that the aforementioned ten per cent. may be reduced by the ratio, expressed as a percentage (to two decimal places), which the amount, if any, standing to the credit of the statutory reserve bears to the aggregate amount of share capital and deposits at the close of the said financial year.

- (b) Vir die doel van hierdie sub-artikel word die netto-wins bereken op die wyse uiteengesit in die toepaslike voorgeskrewe vorm behalwe waar 'n verlies, bepaal ooreenkomstig die bepalings van sub-artikel (4), van die vorige jaar oorgedra is, in welke geval bedoelde netto-wins eers ter delging van so 'n verlies aangewend word en enige balans van wins wat daarna oorbly, word as die netto-wins vir daardie jaar beskou.”;
- (b) deur na gemelde sub-artikel die volgende sub-artikel in te voeg:  
„(1) *bis* 'n Vereniging kan na goeddunke verdere toewysings tot die statutêre reserwe uit die netto-winste wat in vorige jare verdien is of uit enige van sy ander reserwes doen.”;
- (c) deur in sub-artikel (2) die woord „reserwefonds” deur die woorde „statutêre reserwe” te vervang;
- (d) deur in sub-artikel (3) die woord „reserwefonds” deur die woorde „statutêre reserwe” en deur die woord „fonds” deur die woord „reserwe” te vervang;
- (e) deur sub-artikel (4) deur die volgende sub-artikel te vervang:  
„(4) (a) Behalwe in die geval van die likwidasië van die vereniging word geen geld uit die statutêre reserwe getrek behalwe ter dekking van enige verlies wat in enige jaar deur die vereniging gely is nie.  
(b) Vir die doeleindes van hierdie sub-artikel beteken „verlies” die tekort wat oorbly nadat winste vir die lopende jaar en dié wat oorgebring is van vorige jare tesame met enige bedrag wat tot krediet staan van die gepubliseerde reserwes behalwe spesifieke reserwes van die vereniging, eers aangewend is om sodanige verlies te dek.”;
- (f) deur in sub-artikel (5) die woorde „direkteure of amptenare wat willens en wetens” deur die woorde „amptenare wat” te vervang;
- (g) deur in sub-paragraaf (i) van paragraaf (b) van gemelde sub-artikel die woord „reserwefonds” deur die woorde „statutêre reserwe” te vervang;
- (h) deur sub-paragraaf (ii) van paragraaf (b) van gemelde sub-artikel deur die volgende sub-paragraaf te vervang:  
„(ii) vir die bedrag aldus uit die statutêre fonds getrek.”;
- (i) deur sub-artikel (6) te skrap; en
- (j) deur aan die end daarvan die volgende sub-artikel by te voeg:  
„(8) In plaas van enige bedrag wat hy ingevolge sub-artikel (1) opsy moet sit, mag 'n vereniging van enige persoon 'n kontant-deposito aanneem, bekend te staan as die statutêre reserwegaransiedeposito, gelykstaande aan die bedrag wat hy nie aldus opsy sit nie, maar op voorwaarde dat sodanige deposito—  
(a) terugbetaalbaar is slegs na gelang die vereniging daartoe besluit;  
(b) van tyd tot tyd terugbetaal mag word tot dié mate waarin dit, tesame met die bedrag wat tot krediet van die statutêre reserwe in die boeke van die vereniging staan, die bedrag oorskry wat tot krediet van die reserwe sou gestaan het indien aan die bepalings van sub-artikel (1) voldoen was sonder dat toevlug tot die bepalings van hierdie sub-artikel geneem is;  
(c) vir die doeleindes van hierdie Wet geag word deel uit te maak van en onderhewig te wees aan al die bepalings wat van toepassing is op die statutêre reserwe;  
(d) gebruik mag word vir alle doeleindes waarvoor die statutêre reserwe aangewend mag word, in welke geval die depositogewer geen eis teen die vereniging sal hê nie vir die bedrag aldus gebruik of aangewend;  
(e) op generlei wyse beswaar of verpand mag word nie; en
- (b) For the purposes of this sub-section the nett profit shall be arrived at in the manner set out in the relevant prescribed form except where a loss, determined in accordance with the provisions of sub-section (4), is carried forward from the previous year, in which event the said net profit shall first be applied towards liquidating such loss and any balance of profit thereafter remaining shall be regarded as the net profit for the year.”;
- (b) by the insertion after the said sub-section of the following sub-section:  
“ (1) *bis* A society may make such further allocations to the statutory reserve as it may deem fit, out of the net profits earned in previous years or from any of its other reserves.”;
- (c) by the substitution in sub-section (2) for the words “reserve fund” of the words “statutory reserve”;
- (d) by the substitution in sub-section (3) for the words “reserve fund” of the words “statutory reserve” and for the word “fund” of the word “reserve”;
- (e) by the substitution for sub-section (4) of the following sub-section:  
“ (4) (a) Except in the case of the winding-up of the society the statutory reserve shall not be drawn upon otherwise than to meet any loss sustained by the society during any year.  
(b) For the purpose of this sub-section ‘loss’ shall mean the deficiency remaining after profits for the current year and those carried forward from previous years together with any amount standing to the credit of the published reserves other than specific reserves of the society, have first been applied to meet such loss.”;
- (f) by the substitution in sub-section (5) for the words “directors or officers who knowingly and wilfully” of the words “officers who”;
- (g) by the substitution in sub-paragraph (i) of paragraph (b) of the said sub-section for the words “reserve fund” of the words “statutory reserve”;
- (h) by the substitution for sub-paragraph (ii) of paragraph (b) of the said sub-section of the following sub-paragraph:  
“(ii) for the amount by which the statutory reserve was so drawn upon.”;
- (i) by the deletion of sub-section (6); and
- (j) by the addition at the end thereof of the following sub-section:  
“ (8) In lieu of any amount which it is required to set aside in terms of sub-section (1) a society may accept from any person a cash deposit, to be known as the statutory reserve guarantee deposit, equal to the amount which it does not so set aside, but on condition that such deposit—  
(a) is to be repayable only at the instance of the society;  
(b) may be repaid from time to time to the extent which it together with the amount standing to the credit of the statutory reserve in the books of the society exceeds the amount that would have stood to the credit of the reserve if the provisions of sub-section (1) had been complied with, without recourse having been taken to the provisions of this sub-section;  
(c) shall for the purpose of this Act be deemed to form part of and be subject to all the provisions which are applicable to the statutory reserve;  
(d) may be utilized for all the purposes to which the statutory reserve may be applied, in which event the depositor shall have no claim on the society for the amount so utilized or applied;  
(e) shall in no way be encumbered or pledged; and



(f) in geval van likwidasië van die vereniging, aan die depositogewer terugbetaal word alleenlik indien en wanneer al die eise van die krediteure en die aandelekapitaal van die aandeelhouders van die vereniging ten volle betaal is."

3. Artikel *sewen-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur in sub-artikel (2) die woord „twee” deur die woord „drie” te vervang;
- (b) deur sub-artikel (6) te skrap;
- (c) deur in sub-artikel (7) die woorde „of hierdie sub-artikel” te skrap; en
- (d) deur aan die end daarvan die volgende sub-artikels by te voeg:

„(9) Vir die doeleindes van verkiesing tot die raad word die persoon wat ingevolge sub-artikel (3) deur die orige direkteure benoem word, nie as 'n aftredende direkteur beskou nie.

(10) Elke vereniging verskaf aan die registrateur saam met die in sub-artikel (5) bedoelde kennisgewing die naam en adres van elk van sy direkteure en die datum waarop die ampstermyn van sodanige direkteur normaalweg sal verstryk."

34. Die Hoofwet word hierby gewysig deur na artikel *sewe-en-twintig* die volgende artikels in te voeg:

„Openbaar-  
making deur  
direkteure van  
belang by  
kontrakte met  
vereniging.

27bis. (1) 'n Direkteur van 'n vereniging wat op enige wyse, hetsy regstreeks of onregstreeks, belang het by 'n kontrak of voorgenome kontrak met die vereniging of deel in die winste van enige kontrak met die vereniging of 'n direkteur, ampsdraer of amptenaar van 'n maatskappy of 'n lid van 'n firma is wat 'n kontrak met die vereniging aangaan, moet die aard en omvang van sy belang verklaar soos in sub-artikel (2) voorgeskryf.

(2) Die by sub-artikel (1) vereiste verklaring moet gedoen word op die vergadering van die direkteure van die vereniging waarop die vraag of die kontrak aangegaan moet word vir die eerste keer in oorweging geneem word as die betrokke direkteur op daardie vergadering teenwoordig is, of anders op die volgende vergadering van die direkteure wat volg op die ontvangs deur hom van skriftelike kennisgewing van sodanige kontrak, of indien die direkteur nie op die datum van daardie vergadering belang by die voorgenome kontrak gehad het nie, op die eerste vergadering nadat hy aldus belanghebbend geword het, en as 'n direkteur belanghebbend in 'n kontrak word nadat dit aangegaan is, op die eerste vergadering van die direkteure gehou nadat die direkteur belanghebbend in die kontrak geword het.

(3) 'n Direkteur wat 'n belang het soos uiteengesit in sub-artikel (1), neem nie deel aan die bespreking van so 'n kontrak of enige aangeleentheid wat daaruit voortvloei nie en hy stem nie ten opsigte daarvan nie.

27ter. (1) Enigeen van die volgende persone is onbevoeg om benoem te word as, of om die amp te beklee van, 'n direkteur van 'n vereniging:

- (a) 'n minderjarige of enige ander regsonbevoegde persoon;
- (b) behalwe met magtiging van die hof, 'n ongerehabiliteerde insolvente persoon;
- (c) behalwe met magtiging van die hof, 'n individu wat te eniger tyd veroordeel is, hetsy in die Unie of elders, weens diefstal, bedrog, vervalsing, of uitgifte van 'n vervalste dokument of meened en wat ten opsigte daarvan gevonnissen is tot 'n termyn van gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of tot 'n boete van meer as vyf-en-twintig pond;
- (d) behalwe met magtiging van die hof, enige persoon wat weens wangedrag uit 'n trustamp ontslaan is;

Disqualifikasie  
van direkteure.

(f) in the event of the liquidation of the society, shall be repaid to the depositor only if and when all the claims of creditors and the share capital of the shareholders of the society shall have been paid in full."

33. Section *twenty-seven* of the principal Act is hereby amended —

- (a) by the substitution in sub-section (2) for the word "two" of the word "three";
- (b) by the deletion of sub-section (6);
- (c) by the deletion in sub-section (7) of the words "or this sub-section"; and
- (d) by the addition at the end thereof of the following sub-sections:

“(9) For the purposes of election to the board a person appointed by the remaining directors in terms of sub-section (3) shall not be regarded as a retiring director.

(10) Every society shall with the notice referred to in sub-section (5) furnish the registrar with the name and address of each of its directors and the date upon which the period of office of such director is normally due to expire."

34. The principal Act is hereby amended by the insertion after section *twenty-seven* of the following sections:

“Disclosure by  
directors of  
of interest in  
contracts with  
society.

27bis. (1) A director of a society who is in any way, whether directly or indirectly, interested in any contract or proposed contract with the society or participates in the profits of any contract with the society or is a director, office-bearer or officer of any company or a member of any firm entering into any contract with the society, shall declare the nature and extent of his interest as provided in sub-section (2).

(2) The declaration required by sub-section (1) shall be made at the meeting of the directors of the society at which the question of entering into the contract is first taken into consideration if the director concerned is present at such meeting, otherwise at the next meeting of the directors following his receipt of notification, in writing, of such contract, or if the director was not at the date of that meeting interested in the proposed contract at the first meeting after he becomes so interested and where a director becomes interested in a contract after it is made, at the first meeting of the directors held after the director becomes interested in the contract.

(3) A director having an interest as set out in sub-section (1), shall not take part in the discussion of any such contract or any matter arising from it, nor shall he vote in respect thereof.

Disqualifi-  
cation of  
directors.

27ter. (1) Any of the following persons shall be disqualified from being appointed or holding the office of a director of a society:

- (a) a minor or any other person under legal disability;
- (b) save under authority of the court, an unrehabilitated insolvent;
- (c) save under authority of the court, any individual who has at any time been convicted, whether in the Union or elsewhere, of theft, fraud, forgery, or uttering a forged document, or perjury and has been sentenced in respect thereof to a term of imprisonment without the option of a fine, or to a fine exceeding twenty-five pounds;
- (d) save under the authority of the court, any person removed from an office of trust on account of misconduct;

- (e) 'n ouditeur van die vereniging of enige persoon in sy diens;
- (f) die sekretaris of enige ander werknemer of agent van die vereniging.

(2) Vir die doeleindes van hierdie artikel sluit 'werknemer' nie 'n argitek, prokureur, bestekopnemer of 'n dergelike professionele persoon wat vir sy professionele dienste gelde van die vereniging verkry, in nie."

35. Artikel *agt-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur sub-artikel (1) deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(1) Die raad van enige vereniging kan, na goeddunke, een of meer takkantore of agentskappe van die vereniging stig op die plek of plekke binne die Unie wat hy vasstel.”; en

- (b) deur in onderskeidelik sub-artikels (2) en (3) die woord „direkteure” deur die woord „raad” te vervang.

36. Artikel *nege-en-twintig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur in sub-artikel (1) die woord „staat” deur die woord „balansstaat” en deur die woord „direkteure” waar dit vir die eerste maal voorkom deur die woord „raad” te vervang;
- (b) deur in onderskeidelik sub-artikels (3) en (4) die woorde „van direkteure” te skrap; en
- (c) deur in sub-artikel (5) die woord „lede” deur die woorde „alle lede, die registrateur en ouditeure van die vereniging” te vervang.

37. Artikel *dertig* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

30. (1) Die boekjaar van elke vereniging eindig op die een-en-dertigste dag van Maart.

(2) Die raad van elke vereniging moet na die einde van elke boekjaar 'n rekening in die voorgeskrewe vorm opmaak van al die inkomste en uitgawes van die vereniging ten opsigte van daardie boekjaar asook 'n balansstaat soos aan die einde van sodanige boekjaar.

(3) So 'n balansstaat mag nie as 'n bate enige bedrag wat onkoste van organisasie of uitbreiding of die aankoop van besigheid of klandisiewaarde verteenwoordig, insluit nie

(4) In elke sodanige balansstaat word onder andere vermeld:

- (a) die bedrag wat onderskeidelik tot krediet van die houters van die verskeie soorte aandele staan;
- (b) die bedrag verskuldig ten opsigte van elke soort deposito afsonderlik;
- (c) die bedrag deur die vereniging aan lenings en oortrekkings verskuldig;
- (d) die getal en die totale bedrag van alle voorskotte wat ooreenkomstig die bepalinge van paragraaf (a) van sub-artikel (1) van artikel *vier-en-twintig* toegestaan is, wat afsonderlik as volg geklassifiseer moet word, volgens die bedrag verskuldig aan die vereniging:
  - (i) nie meer dan vyfduisend pond nie;
  - (ii) meer dan vyfduisend pond maar nie meer dan tienduisend pond nie;
  - (iii) meer dan tienduisend pond maar nie meer dan twintigduisend pond nie;
  - (iv) meer dan twintigduisend pond;
- (e) besonderhede van die bedrag wat in regeerings-, munisipale en ander sekuriteite belê is, met vermelding, ten opsigte van elke kategorie, van die waarde waarteen sodanige sekuriteite in die boeke van die vereniging ingeskrywe staan, en die totale waarde van sekuriteite van alle kategorieë op die datum van die balansstaat, bereken, ten opsigte van

(e) any auditor of the society or any person in his employ;

(f) the secretary or any other employee or agent of the society.

(2) For the purposes of this section 'employee' shall not include an architect, attorney, quantity surveyor or similar professional person who derives fees from the society for his professional services."

35. Section *twenty-eight* of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for sub-section (1) of the following sub-section:

“(1) The board of any society may, in its discretion, establish one or more branch offices or agencies of the society at such place or places within the Union as it may determine.”; and

- (b) by the substitution in sub-sections (2) and (3) respectively for the word “directors” of the word “board”.

36. Section *twenty-nine* of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution in sub-section (1) for the word “statement” of the words “balance sheet” and for the word “directors” where it occurs for the first time of the word “board”;
- (b) by the deletion in sub-sections (3) and (4) respectively of the words “of directors”; and
- (c) by the substitution in sub-section (5) for the word “members” of the words “all members, the registrar and auditors of the society”.

37. The following section is hereby substituted for section *thirty* of the principal Act:

30. (1) The financial year of every society shall end on the thirty-first day of March.

(2) After the end of each financial year the board of every society shall prepare in the prescribed form an account of all the revenue and expenditure of the society in respect of that financial year and a balance sheet as at the end of such financial year.

(3) Such balance sheet shall not include as an asset any sum representing expenses of organisation or extension or the purchase of business or goodwill.

(4) In every such balance sheet shall be specified *inter alia*:

- (a) the amount to the credit of the holders of the various types of shares, respectively;
- (b) the amount due under each type of deposits, separately;
- (c) the amount owing by the society for loans and overdrafts;
- (d) the number and the aggregate amount of all advances made pursuant to the provisions of paragraph (a) of sub-section (1) of section *twenty-four*, to be classified separately as follows, in terms of the amount owing to the society:
  - (i) not exceeding five thousand pounds;
  - (ii) exceeding five thousand pounds but not exceeding ten thousand pounds;
  - (iii) exceeding ten thousand pounds but not exceeding twenty thousand pounds;
  - (iv) exceeding twenty thousand pounds;
- (e) particulars of the amount invested in government, municipal and other securities, giving for each class the value at which they are held in the books of the society, and the aggregate value of se-



elke sekuriteit wat op daardie datum gehou word, teen die markwaarde op daardie datum, soos gesertifiseer deur die sekretaris van die raad van openbare skuldkommissarisse.

(5) Elke sodanige balansstaat dui by wyse van 'n nota aan—

- (a) die totale bedrag van besoldiging betaal aan direkteure en aan lede van plaaslike rade en komitees;
- (b) die totale netto-bedrag wat die vereniging homself verbind het om uit te betaal ten opsigte van toegestane voorskotte;
- (c) waar doenlik, die totale bedrag of beëraamde bedrag, indien dit van belang is, van kontrakte vir kapitaaluitgawes vir sover daarvoor nie voorsiening gemaak is nie;
- (d) die algemene aard van enige voorwaardelike verpligtings waarvoor nie voorsiening gemaak is nie en, waar doenlik, die totale bedrag van daardie verpligtings indien dit van belang is;
- (e) die feit dat 'n bate van die vereniging anders dan by wyse van regswerking verpand of beswaar is as sekuriteit vir 'n las van die vereniging indien dit die geval is, en indien wel, besonderhede van daardie bate en van daardie las.

(6) (a) Aan elke sodanige balansstaat word 'n staat geheg wat die totale bedrag aantoon wat aan die vereniging deur sy amptenare of deur enige firma waarin hulle of enigen van hulle 'n direkte belang het, verskuldig is ten opsigte van elke voorskot van meer dan tienduizend pond in die geval van 'n vereniging wie se bates op die datum van die balansstaat nie tienmiljoen pond oorskry nie of meer dan twintigduizend pond in die geval van 'n vereniging wie se bates op die datum van die balansstaat tienmiljoen pond oorskry.

- (b) Elke sodanige staat word deur twee direkteure en die sekretaris as waar en juis gesertifiseer.
- (c) Vir die doeleindes van hierdie sub-artikel sluit 'direkte belang' in aandele in 'n maatskappy of regspersoon gehou deur middel van 'n benoemde maar sluit dit uit 'n aandeelbesit of deelname in 'n maatskappy (behalwe 'n private maatskappy soos omskryf in sub-artikel (1) van artikel *honderd-en-vier* van die Maatskappywet, 1926 (Wet No. 46 van 1926)) of regspersoon waar die belang van die betrokke amptenaar nie vyf persent van die uitgereikte aandeelkapitaal oorskry nie of waar sodanige belang verkry is nie minder nie as een jaar na die datum waarop die voorskot toegeestaan is.

(7) Dit is die plig van elke in paragraaf

- (a) van sub-artikel (6) bedoelde persoon om aan die vereniging skriftelik kennis te gee van sodanige aangeleenthede aangaande sy belang in enige maatskappy of regspersoon as wat nodig is vir die doeleindes van die vermelde sub-artikel en 'n persoon wat versuim om aan hierdie sub-artikel te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

(8) Die rekening en balansstaat word namens die raad deur twee direkteure en die sekretaris onderteken en die ouditeure van die vereniging doen verslag aan die lede oor sodanige rekening en balansstaat.

(9) 'n Afskrif van elke sodanige rekening, balansstaat en meegaande bylae vergesel van 'n afskrif van die ouditeursverslag word aan die registrateur gestuur binne veer-

curities of all classes at the date of the balance sheet, every security then held being taken at the market value at that date, as certified by the secretary of the board of public debt commissioners.

(5) Every such balance sheet shall indicate by way of a note —

- (a) the aggregate amount of the remuneration paid to directors, and to members of local boards and committees;
- (b) the aggregate net amount the society is committed to pay out in respect of advances granted;
- (c) where practicable, the aggregate amount or estimated amount, if it is material, of contracts for capital expenditure so far as not provided for;
- (d) the general nature of any contingent liabilities not provided for and, where practicable, the aggregate amount of those liabilities, if it is material;
- (e) the fact that any asset of the society is pledged or encumbered otherwise than by operation of law, as security for any liability of society, if such be the case, and if so, details of that asset and of that liability.

(6) (a) To every such balance sheet shall be annexed a statement disclosing the aggregate amount owing to the society by its officers or by any firm in which they or any of them have any direct interest, in respect of every advance in excess of ten thousand pounds in the case of a society whose assets do not exceed ten million pounds at the date of the balance sheet or in excess of twenty thousand pounds in the case of a society whose assets exceed ten million pounds at the date of the balance sheet.

- (b) Every such statement shall be certified as true and correct by two directors and the secretary.
- (c) For the purpose of this sub-section 'direct interest' shall include shares in a company or corporate body held through a nominee but shall exclude a shareholding or participation in a company (other than a private company as defined in sub-section (1) of section *one hundred and four* of the Companies' Act, 1926 (Act No. 46 of 1926)) or corporate body where the interest of the officer concerned does not exceed five per centum of the issued share capital or where such interest was acquired not less than one year after the date upon which the advance was granted.

(7) It shall be the duty of every person referred to in paragraph (a) of sub-section (6) to give notice in writing to the society of such matters relating to his interest in any company or corporate body as may be necessary for the purposes of the said sub-section and a person failing to comply with this sub-section shall be guilty of an offence.

(8) The account and balance sheet shall be signed on behalf of the board by two directors and the secretary and the auditors of the society shall make a report to the members on such account and balance sheet.

(9) A copy of every such account, balance sheet and annexure thereto accompanied by a copy of the auditors' report shall be sent to the registrar within fourteen days

tien dae na die jaarlikse algemene vergadering waarop dit voorgelê is of binne vier maande na die verstryking van die boekjaar, na gelang van watter tydperk eerste verstryk.

(10) Saam met elke sodanige rekening en balansstaat word binne die in sub-artikel (9) bepaalde tydperk aan die registrateur al die aanvullende state gestuur wat voorgeskryf word aangaande aangeleenthede wat in die rekening en balansstaat behandel is. Elke sodanige aanvullende staat word deur twee direkteure en die sekretaris van die vereniging as juis gesertifiseer.

(11) Indien 'n afskrif van 'n balansstaat deur die vereniging uitgereik, gesirkuleer of gepubliseer word sonder dat daarby 'n afskrif van die in sub-artikel (6) bedoelde staat en 'n afskrif van die in sub-artikel (8) bedoelde ouditeurverslag aangeheg is, is die vereniging aan 'n misdryf skuldig.

(12) Die registrateur kan enige verduidelikings en die bykomstige inligting wat hy nodig ag, aanvra aangaande die rekening, balansstaat, meegaande bylae en die aanvullende state aan hom gestuur en sodanige verduidelikings en inligting moet deur die vereniging verstrekkend word in die vorm wat die registrateur gelas en moet, indien hy dit gelas, deur twee direkteure en die sekretaris van die vereniging asook deur die ouditeure gesertifiseer word."

38. Artikel *een-en-dertig* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Ouditeure van vereniging.

31. (1) Elke vereniging moet een of meer ouditeure hê, maar—

- (a) niemand behalwe 'n rekenmeester en ouditeur wat kragtens die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951), geregistreer is en wat openbare praktyk beoefen; en
- (b) geen amptenaar van 'n vereniging en geen firma waarvan so 'n amptenaar 'n lid of werknemer is,

mag as 'n ouditeur van daardie vereniging aangestel word nie.

(2) Die raad stel binne dertig dae vanaf die datum van registrasie van die vereniging een of meer ouditeure aan wat aftree aan die end van die vereniging se eerste jaarlikse algemene vergadering wat op sy aanstelling volg tensy tevore van sy amp onthef by 'n besluit van die lede van die vereniging op 'n algemene vergadering of tensy hy weer aangestel word.

(3) Die raad of die hoofouditeure, handelende met die toestemming van die raad, moet 'n takouditeur vir enige tak van die vereniging aanstel en hy tree af aan die end van die vereniging se eerste jaarlikse algemene vergadering wat op sy aanstelling volg tensy tevore van sy amp onthef by 'n besluit van die lede van die vereniging op 'n algemene vergadering of tensy hy weer aangestel word.

(4) Elke ouditeur, hoe ook al aangestel, word geag weer aangestel te wees op die jaarlikse algemene vergadering wat volg op sy aanstelling of heraanstelling tot aan die end van die volgende jaarlikse algemene vergadering tensy tevore van sy amp onthef by 'n besluit van die lede van die vereniging op 'n algemene vergadering, sonder dat 'n besluit te dien einde geneem word, tensy—

- (a) hy nie vir heraanstelling bevoeg is nie; of
- (b) 'n besluit op eersgenoemde vergadering geneem word waarby iemand in sy plek aangestel word of waarby uitdruklik bepaal word dat hy nie heraanstellend word nie; of

after the annual general meeting at which they are presented, or within four months after the expiration of the financial year whichever period expires first.

(10) With every such account and balance sheet shall be sent to the registrar, within the period laid down in sub-section (9), all such subsidiary statements relating to matters dealt with in the account and balance sheet as may be prescribed. Every such subsidiary statement shall be certified as correct by two directors and the secretary of the society.

(11) If any copy of a balance sheet is issued, circulated or published by a society without having annexed thereto a copy of the statement referred to in sub-section (6) and a copy of the auditors' report referred to in sub-section (8), the society shall be guilty of an offence.

(12) The registrar may call for any explanations and for such additional information as he may deem necessary with regard to the account, balance sheet, annexure thereto and the subsidiary statements sent to him and such explanations and information shall be furnished by the society in such form as the registrar may direct, and if he so directs, shall be certified by two directors and the secretary of the society and also by the auditors."

38. The following section is hereby substituted for section *thirty-one* of the principal Act:

"Auditors of society.

31. (1) Every society shall have one or more auditors but —

- (a) no person other than an accountant and auditor who is registered under the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951 (Act No. 51 of 1951), and who is engaged in public practice; and
- (b) no officer of a society and no firm of which such officer is a member or employee,

shall be appointed as an auditor of that society.

(2) The board shall within thirty days from the date of registration of the society appoint one or more auditors who shall retire at the conclusion of the society's first annual general meeting following his appointment unless previously removed from office by a resolution of the members of the society at a general meeting or unless he is re-appointed.

(3) The board or the main auditors, acting with the consent of the board, shall appoint a branch auditor to any branch of the society and he shall retire at the conclusion of the society's first annual general meeting following his appointment unless previously removed from office by a resolution of the members of the society at a general meeting or unless he is re-appointed.

(4) Every auditor, however appointed, shall be deemed to be re-appointed at the annual general meeting following his appointment or re-appointment until the conclusion of the next annual general meeting unless previously removed from office by a resolution of the members of the society at a general meeting, without any resolution being passed to that end unless —

- (a) he is not qualified for re-appointment; or
- (b) a resolution is passed at the first-mentioned meeting appointing somebody else in his place or providing expressly that he is not being re-appointed; or



- (c) hy aan die vereniging skriftelik kennis gegee het dat hy nie bereid is om heraanstellings te aanvaar nie:

Met dien verstande dat, indien kennis gegee word van 'n voorgenome besluit om een of ander persoon of persone in die plek van 'n aftredende ouditeur aan te stel en weens die dood, onbevoegdheid of diskwalifikasie van daardie persoon of van al daardie persone, na gelang van die geval, daar nie met die besluit voortgegaan kan word nie, sodanige aftredende ouditeur nie outomaties uit hoofde van hierdie sub-artikel heraangestel word nie.

(5) Die lede van 'n vereniging kan op 'n algemene vergadering enige ouditeur kragtens hierdie artikel aangestel of heraangestel van sy amp onthef en 'n ander ouditeur in sy plek aanstel en die ouditeur aldus aangestel, tree, behoudens die bepalings van sub-artikel (4), af aan die end van die vereniging se eerste jaarlikse algemene vergadering wat volg op sy aanstelling.

(6) 'n Besluit op 'n algemene vergadering—

- (a) wat 'n persoon behalwe 'n aftredende ouditeur as ouditeur aanstel; of
- (b) wat uitdruklik voorsiening maak dat 'n aftredende ouditeur nie heraangestel word nie; of
- (c) wat 'n ouditeur kragtens sub-artikel (5) van sy amp onthef,

is nie van krag nie tensy kennis van die voorneme om so 'n besluit voor te stel aan die vereniging gegee is nie minder nie as veertien dae voor die vergadering waarop dit voorgestel word.

(7) 'n Vereniging gee aan sy lede kennis van so 'n voorgenome besluit op dieselfde tyd en wyse waarop hy kennis gee van die vergadering, of indien dit nie doenlik is nie gee hy ten minste sewe dae voor die datum van die algemene vergadering aan hulle kennis of deur advertensie in een of meer nuusblaaie in omloop in die plek waar die hoofkantoor van die vereniging geleë is en in sodanige ander sentrums as wat die raad wenslik mag ag of op enige ander paslike wyse.

(8) By ontvangs van die kennisgewing van die in sub-artikel (6) bedoelde voorgenome besluit, stuur die raad onverwyld 'n afskrif daarvan aan die aftredende ouditeur of die ouditeur wat dit die voorneme is om van sy amp te onthef, na gelang van die geval.

(9) Wanneer om enige rede behalwe dié waarna in sub-artikel (5) verwys word 'n ouditeur sy amp ontruim voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy aangestel is, moet die raad binne dertig dae 'n ander ouditeur in sy plek aanstel of laat aanstel wat, behoudens die bepalings van sub-artikel (4), aftree aan die end van die vereniging se eerste jaarlikse algemene vergadering wat op sy aanstelling volg.

(10) (a) Indien 'n vereniging of sy raad versuim om 'n ouditeur aan te stel wat ingevolge hierdie artikel aangestel moet word, doen die registrateur so 'n aanstelling en die ouditeur aldus aangestel tree, behoudens die bepalings van sub-artikel (4), af aan die end van die vereniging se eerste jaarlikse algemene vergadering wat op sy aanstelling volg.

- (b) In die geval van 'n aanstelling ingevolge hierdie sub-artikel bepaal die registrateur in oorleg met die ouditeur die besoldiging wat aan die ouditeur deur die vereniging vir sy dienste betaal moet word en indien die vereniging versuim om die besoldiging te betaal, betaal die Minister sodanige besoldiging uit staats-

- (c) he has given the society notice in writing of his unwillingness to be re-appointed:

Provided that where notice is given of an intended resolution to appoint some person or persons in the place of a retiring auditor, and by reason of the death, incapacity or disqualification of that person or of all those persons, as the case may be, the resolution cannot be proceeded with, such retiring auditor shall not be automatically re-appointed by virtue of this sub-section.

(5) The members of a society may at any general meeting remove from office any auditor appointed or re-appointed under this section and appoint another auditor in his place and the auditor so appointed shall, subject to the provisions of subsection (4), retire at the conclusion of the society's first annual general meeting following his appointment.

(6) A resolution at any general meeting—

- (a) appointing as auditor a person other than a retiring auditor; or
- (b) providing expressly that a retiring auditor shall not be re-appointed; or
- (c) removing an auditor from office in terms of sub-section (5),

shall not be effective unless notice of intention to move such a resolution has been given to the society not less than fourteen days before the meeting at which it is moved.

(7) A society shall give notice to its members of such intended resolution at the same time and in the same manner as it gives notice of the meeting, or if that is not practicable, shall give them notice at least seven days before the date of the general meeting either by advertisement in one or more newspapers circulating in the place where the head office of the society is situated and in such other centres as the board may deem desirable, or in any other appropriate manner.

(8) On receipt of the notice of an intended resolution referred to in sub-section (6) the board shall forthwith send a copy thereof to the retiring auditor or the auditor whom it is intended to remove from office, as the case may be.

(9) Whenever for any reason other than that referred to in sub-section (5) an auditor vacates his office prior to the expiration of the period for which he has been appointed, the board shall, within thirty days, appoint or cause to be appointed in his place another auditor who shall, subject to the provisions of sub-section (4), retire at the conclusion of the society's first annual general meeting following his appointment.

(10) (a) If a society or its board fails to appoint any auditor required to be appointed in terms of this section, the registrar shall make such appointment and the auditor so appointed shall, subject to the provisions of sub-section (4), retire at the conclusion of the society's first annual general meeting following his appointment.

- (b) In the event of an appointment in terms of this sub-section the registrar shall, in consultation with the auditor, determine the remuneration to be paid to the auditor by the society for his services and if the society fails to pay the remuneration the Minister shall pay such remuneration out of public funds, where-

geld, waarop die registrateur 'n bedrag gelykstaande met daardie besoldiging van die vereniging verhaal.

(11) Elke ouditeur kragtens hierdie artikel aangestel het 'n reg van toegang tot die sekuriteite, boeke, rekenings en bewysstukke van die vereniging en kan van sy amptenare en agente die inligting verlang wat nodig mag wees vir die verrigting van sy pligte as ouditeur: Met dien verstande dat in die geval van 'n takouditeur die voormelde bepalings slegs van toepassing is ten opsigte van aangeleenthede wat betrekking het op die tak waarvan hy as ouditeur aangestel is.

(12) Elke ouditeur van 'n vereniging rapporteer aan die raad van daardie vereniging enige wesenlike onreëlmatigheid of ongewenste praktyk by die uitoefening van die bedryf van daardie vereniging wat onder sy aandag gekom het en as daardie onreëlmatigheid of ongewenste praktyk nie binne 'n tydperk van een maand vanaf die datum waarop dit aan die raad gerapporteer is, uit die weg geruim of gestaak word nie, rapporteer die ouditeur dit aan die registrateur.

(13) Elke takouditeur rapporteer aan die raad oor die opgawes jaarliks deur die tak opgemaak ten opsigte waarvan hy as ouditeur aangestel is en meld in sy verslag of die opgawes na sy mening die nodige inligting aangaande die werksaamhede van die tak bevat al dan nie om die hoofouditeure van die vereniging in staat te stel om ingevolge sub-artikel (15) te rapporteer.

(14) 'n Afskrif van elke verslag deur 'n takouditeur aan die raad verstrek, of dit oor 'n onreëlmatigheid of onwenslike praktyk of oor enige ander aangeleentheid handel, moet onverwyld deur sodanige ouditeur aan die hoofouditeure van die vereniging deurgestuur word.

(15) Die hoofouditeure rapporteer aan die lede oor enige inkomste- en uitgawerekening en balansstaat van die vereniging ingevolge sub-artikel (2) van artikel *dertig* opgemaak en moet meld of die rekening en balansstaat na hul mening behoorlik opgemaak is ten einde 'n getroue en billike oorsig van onderskeidelik die inkomste en uitgawes en finansiële toestand van die vereniging te toon.

(16) Enige ouditeur van 'n vereniging, hoe ook al aangestel, is geregtig om enige vergadering van lede van sodanige vereniging by te woon en om daarop enige verklaring te doen wat hy verlang om te doen met betrekking tot enige opgawe, rekening of balansstaat deur hom nagesien of verslag deur hom gedoen of om daarop verhoë te rig met betrekking tot enige aangeleentheid rakende sy aanstelling, ontheffing of besoldiging.

(17) (a) 'n Vereniging moet binne veertien dae na aanstelling van 'n ouditeur kragtens hierdie artikel, by die registrateur aansoek doen om sy goedkeuring van die aanstelling.

(b) Die registrateur kan sonder vermelding van enige rede daarvoor weier om so 'n aanstelling goed te keur of sy vorige goedkeuring terugtrek en daarop moet die betrokke ouditeur sy amp as ouditeur ontruim.

(c) Ten einde sy bevoegdhede kragtens hierdie sub-artikel uit te oefen kan die registrateur die inligting eis wat hy nodig ag aangaande die ondervinding of kwalifikasies van 'n ouditeur, en sodanige inligting moet deur sodanige ouditeur in die vorm wat die registrateur gelas, verstrek word.

upon the registrar shall recover from the society an amount equal to that remuneration.

(11) Every auditor appointed under this section shall have a right of access to the securities, books, accounts and vouchers of the society and may require from its officers and agents such information as may be necessary for the performance of his duties as auditor: Provided that in the case of a branch auditor the aforementioned provisions shall apply only in respect of matters pertaining to the branch of which he has been appointed auditor.

(12) Every auditor of a society shall report to the board of that society any material irregularity or undesirable practice in the conduct of the business of that society which has come to his notice and if that irregularity or undesirable practice is not rectified or discontinued within a period of one month from the date upon which it was reported to the board, the auditor shall report it to the registrar.

(13) Every branch auditor shall report to the board on returns made up annually by the branch in respect of which he has been appointed auditor and shall state in his report whether or not, in his opinion, the returns contain the necessary information relating to the operations of the branch to enable the main auditors of the society to report in terms of sub-section (15).

(14) A copy of every report submitted to the board by a branch auditor, whether dealing with an irregularity or undesirable practice or with any other matter shall be transmitted forthwith by such auditor to the main auditors of the society.

(15) The main auditors shall report to the members on any revenue and expenditure account and balance sheet of the society prepared in terms of sub-section (2) of section *thirty* and shall state whether in their opinion the account and balance sheet are properly drawn up so as to exhibit a true and fair view of the revenue and expenditure and financial position respectively of the society.

(16) Any auditor of a society, however appointed, shall be entitled to attend any meeting of members of such society and to make thereat any statement that he desires to make in relation to any return, account or balance sheet examined by him or report made by him, or to make representations thereat in relation to any matter affecting his appointment, removal or remuneration.

(17) (a) A society shall within fourteen days of appointment of any auditor under this section apply to the registrar for his approval of the appointment.

(b) The registrar may without assigning any reason therefor, refuse to approve of such appointment or withdraw his prior approval and thereupon the auditor concerned shall vacate his office as auditor.

(c) For the purpose of the exercise of his powers under this sub-section, the registrar may call for such information as he may deem necessary in regard to the experience or qualifications of an auditor, and such information shall be furnished by such auditor in such form as the registrar may direct.



(d) Wanneer die registrateur ingevolge paragraaf (b) geweier het om die aanstelling van 'n ouditeur goed te keur of sy goedkeuring van die aanstelling van 'n ouditeur teruggetrek het, moet die raad voortgaan om die vereiste aanstelling te maak of te laat maak, maar weereens onderworpe aan die goedkeuring van die registrateur.

(18) Indien 'n vereniging of sy raad versuim om aan enige vereistes van hierdie artikel te voldoen, is hy aan 'n misdryf skuldig."

39. Artikel *twee-en-dertig* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Verenigings moet voorsiening maak teen verlies deur nalatigheid of oneerlikheid van hulle amptenare en agente.

32. (1) 'n Vereniging moet of 'n fonds in stand hou wat volgens die oordeel van die registrateur voldoende is en wat gereserveer is uitsluitend vir die doel om enige verlies wat veroorsaak is deur die nalatigheid of oneerlikheid van een of meer van sy amptenare en agente, te vergoed of hy moet homself teen sodanige verlies verseker tot 'n bedrag wat nie minder is nie dan 'n bedrag wat die registrateur voldoende ag, by 'n deur die registrateur goedgekeurde persoon wat assuransiëbesigheid of die besigheid van werkgewers garandeer teen sodanige verlies soos voormeld, dryf.

(2) Die bates van enige fonds wat ingevolge hierdie artikel in stand gehou word, kan in deposito's by die vereniging belê word, maar mag nie op enige ander manier met die bates van die vereniging saamgesmelt word nie."

40. Artikel *drie-en-dertig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur in sub-artikel (6) die woorde „sy amptenare, ouditeure, lede, agente en bediendes” deur die woorde „enige persoon wat 'n amptenaar, ouditeur, lid of agent is of voorheen was” te vervang; en
- (b) deur sub-artikel (7) te skrap.

41. Artikel *vier-en-dertig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur sub-artikel (1) deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(1) Die lede van 'n vereniging kan by spesiale besluit 'n inspekteur benoem om sy sake te ondersoek."

42. Artikel *vyf-en-dertig* van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur in sub-artikel (1) die woorde „Alle amptenare, ouditeure en lede” deur die woorde „Enige persoon wat 'n amptenaar, ouditeur, lid of agent is of voorheen was” te vervang; en
- (b) deur in sub-artikel (2) die woorde „amptenaar, ouditeur, lid, agent of bediende” deur die woorde „sodanige persoon wat 'n amptenaar, ouditeur, lid of agent is of voorheen was” te vervang.

43. Artikel *sewe-en-dertig* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Saamsmelting en oordrag van bates en laste.

37. (1) Twee of meer verenigings kan met die skriftelike goedkeuring van die registrateur saamsmelt en een vereniging vorm, of 'n vereniging kan met dergelike goedkeuring al sy bates en laste aan 'n ander vereniging oordra.

(2) Die voorgestelde bedinge en voorwaardes van 'n saamsmelting of oordrag ingevolge sub-artikel (1) moet in die eerste instansie voorgelê word aan die registrateur wat, met inagneming van die bepalinge van paragrawe (a) en (b) van sub-artikel (3), die betrokke voorstel moet goedkeur soos opgestel of met die wysigings wat hy nodig ag.

(3) Geen transaksie wat die saamsmelting van verenigings of die oordrag van bates en laste van een vereniging aan 'n ander inhou, is van enige krag of uitwerking nie tensy—

(d) When the registrar has refused to approve or has withdrawn his approval of the appointment of an auditor in terms of paragraph (b) the board shall proceed to make or cause to be made the appointment required, but again subject to the approval of the registrar.

(18) If a society or its board fails to comply with any requirements of this section it shall be guilty of an offence."

39. The following section is hereby substituted for section *thirty-two* of the principal Act:

„Societies to provide against loss through negligence or dishonesty of their officers and agents.

32. (1) A society shall either maintain a fund which is, in the opinion of the registrar, adequate and which is reserved exclusively for the purpose of making good any loss resulting from the negligence or dishonesty of any of its officers and agents, or it shall insure itself against such loss, to an amount which is not less than an amount which the registrar deems adequate, with a person approved of by the registrar carrying on insurance business or the business of guaranteeing employers against such loss as aforesaid.

(2) The assets of any fund maintained in terms of this section may be invested in deposits with the society but shall not in any other way be merged with the assets of the society."

40. Section *thirty-three* of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution in sub-section (6) for the words "its officers, auditors, members, agents and servants" of the words "any person who is or formerly was an officer, auditor, member or agent"; and
- (b) by the deletion of sub-section (7).

41. Section *thirty-four* of the principal Act is hereby amended by the substitution for sub-section (1) of the following sub-section:

“(1) The members of a society may, by special resolution, appoint an inspector to investigate its affairs."

42. Section *thirty-five* of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution in sub-section (1) for the words "all officers, auditors and members" of the words "any person who is or formerly was an officer, auditor, member or agent"; and
- (b) by the substitution in sub-section (2) for the words "officer, auditor, member, agent or servant" of the words "such person who is or formerly was an officer, auditor, member or agent".

43. The following section is hereby substituted for section *thirty-seven* of the principal Act:

„Amalgamation and transfer of assets and liabilities.

37. (1) Two or more societies may with the written approval of the registrar amalgamate and become one society or a society may with like approval transfer all its assets and liabilities to another society.

(2) The proposed terms and conditions of an amalgamation or transfer in terms of sub-section (1) shall in the first instance be submitted to the registrar who shall, subject to the provisions of paragraphs (a) and (b) of sub-section (3), approve of the proposal in question as drafted or with such modifications as he may deem necessary.

(3) No transaction involving the amalgamation of societies or the transfer of assets and liabilities from one society to another shall be of any force or effect unless—

- (a) die registrateur oortuig is dat so 'n transaksie nie die openbare belang nadelig sal raak nie of dat dit geen buitensporige ontbering aan die lede van enige van die betrokke verenigings sal veroorsaak nie;
- (b) die ooreenkoms uitdruklik bepaal dat daar geen verdeling van die winste of van enige van die reserwes van die betrokke verenigings tussen hulle lede mag wees nie: Met dien verstande egter dat redelike voorsiening uit die winste van 'n vereniging gemaak kan word vir vergoeding aan sy amptenare (behalwe direkteure, plaasvervangende direkteure, plaaslike direkteure of lede van plaaslike komitees) vir enige gevolglike verlies van amp of vir betaling ter erkenning van dienste deur sodanige amptenare in die verlede gelewer;
- (c) elke betrokke vereniging by wyse van 'n spesiale besluit die bepalinge van die ooreenkoms vir sodanige saamsmelting of oordrag, na gelang van die geval, bekragtig.

(4) Die kennisgewing wat die spesiale algemene vergadering byeenroep, moet die volledige bedinge en voorwaardes van die ooreenkoms vir die saamsmelting of oordrag, na gelang van die geval, bevat of daaraan geheg hê.

(5) Kennisgewing van die neem van die spesiale besluit aangaande sodanige saamsmelting of oordrag moet deur elke betrokke vereniging aan die registrateur gestuur word en deur hom geregistreer word: Met dien verstande dat daar aan sodanige kennisgewing geheg moet wees 'n afskrif, behoorlik gesertifiseer deur twee direkteure en die sekretaris van die betrokke vereniging, van die spesiale besluit en die volledige bedinge en voorwaardes met betrekking tot sodanige saamsmelting of oordrag.

(6) Die saamsmelting of oordrag moet geskied op die bedinge en voorwaardes in sodanige besluit uiteengesit.

(7) By registrasie deur die registrateur van die kennisgewings van saamsmelting word die individuele verenigings wat partye by die transaksie was, geag ontbind te wees en die registrateur moet hul registrasie kanselleer en terselfdertyd en in hul plek die nuwe vereniging ingevolge hierdie Wet registreer.

(8) By registrasie deur die registrateur van die kennisgewings van oordrag word die vereniging wie se bates en laste onderworpe is aan die oordrag, geag ontbind te wees en sy registrasie word deur die registrateur gekanselleer.

(9) Die likwidateur van 'n vereniging wat vrywilliglik of deur die hof gelikwideer word, of die geregtelike bestuurder van 'n vereniging kan al die bates en laste van die vereniging wat gelikwideer word of onder geregtelike bestuur is, aan 'n ander vereniging oordra: Met dien verstande dat die bepalinge van paragraaf (c) van sub-artikel (3) en sub-artikel (4) nie op die vereniging wat gelikwideer word van toepassing is nie.

(10) By die registrasie deur die registrateur van die kennisgewing van die saamsmelting van twee of meer verenigings, of van die oordrag van die bates en laste van 'n vereniging aan 'n ander vereniging, gaan al die bates en laste van die verenigings aldus saamgesmelt oor en word bindend op die vereniging wat in hulle plek geregistreer word, of, na gelang van die geval, gaan al die bates en laste van die vereniging wat sy bates en laste oordra oor en word bindend op die vereniging waaraan hulle oorgedra word.

(a) the registrar is satisfied that such a transaction will not be detrimental to the public interest or that it will not cause any undue hardship upon the members of any of the societies concerned;

(b) the agreement specifically provides that there shall be no division of the profits or of any of the reserves of the societies concerned among their members: Provided, however, that reasonable provision may be made out of the profits of a society for compensation to its officers (other than directors, alternate directors, local directors or members of local committees) for any resulting loss of office or for payment in recognition of past services rendered by such officers;

(c) each society concerned confirms by way of special resolution the provisions of the agreement for such amalgamation or transfer, as the case may be.

(4) The notice convening the special general meeting shall contain or have attached to it the complete terms and conditions of the agreement for the amalgamation or transfer, as the case may be.

(5) Notice of the passing of the special resolution concerning such amalgamation or transfer shall be sent by each society concerned to the registrar and registered by him: Provided that such notice shall have attached to it a copy, duly certified by two directors and the secretary of the society concerned, of the special resolution and the complete terms and conditions relating to such amalgamation or transfer.

(6) The amalgamation or transfer shall take place upon the terms and conditions set forth in such resolution.

(7) Upon registration by the registrar of the notices of amalgamation the individual societies who were party to the transaction shall be deemed to be dissolved and the registrar shall cancel their registration and at the same time and in their stead register the new society in terms of this Act.

(8) Upon registration by the registrar of the notices of transfer the society whose assets and liabilities are subject to transfer shall be deemed to be dissolved and its registration shall be cancelled by the registrar.

(9) The liquidator of a society which is being wound up voluntarily or by the court, or the judicial manager of a society may transfer all the assets and liabilities of the society being wound up or under judicial management to another society: Provided that the provisions of paragraph (c) of subsection (3) and sub-section (4) shall not apply to the society which is being wound up.

(10) Upon the registration by the registrar of the notice of the amalgamation of two or more societies, or of the transfer of the assets and liabilities of any society to another society, all the assets and liabilities of the societies so amalgamated shall vest in and become binding upon the society registered in their stead, or, as the case may be, all the assets and liabilities of the society transferring its assets and liabilities shall vest in and become binding upon the society to which they are transferred.



(11) Die amptenaar in beheer van 'n registrasiekantoor van aktes of ander kantoor waarin geregistreer staan enige verband of enige onroerende eiendom wat ooreenkomstig die bepalings van sub-artikel (10) oorgedra word, moet by voorlegging aan hom deur die betrokke verenigings van daardie verband of van die titelbewys van daardie onroerende eiendom en 'n sertifikaat deur die registrateur van die registrasie deur hom van die kennisgewing van saamsmelting of oordrag, na gelang van die geval, die endossemente op daardie verband of titelbewys en die veranderings in sy registers aanbring wat nodig is as gevolg van sodanige saamsmelting of oordrag, sonder betaling van here- of seëlregte of registrasiegelde of -koste.

(12) Die saamsmelting van verenigings of oordrag van bates en laste kragtens die bepalings van hierdie artikel raak nie die regte van enige krediteur van die een of die ander of enige van die betrokke verenigings nie."

44. Artikel *agt-en-dertig* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

Likwidasie van tydelike vereniging.

38. (1) 'n Tydelike vereniging word gelikwideer wanneer die tydperk (as daar is) deur sy statute bepaal vir die duur van die vereniging verstryk of die gebeurtenis (as daar is) plaasvind by die plaasvind waarvan volgens voorskrif van die statute die vereniging beëindig word of wanneer minstens twee-derdes van die lede van elke afdeling van die vereniging by besluit ten gunste van sodanige likwidasie stem op 'n spesiale algemene vergadering van lede wat vir die doel belê is: Met dien verstande dat wanneer die lede van elke afdeling wat aldus ten gunste van so 'n besluit stem, nie meer as twee-derdes van die waarde van aandele van daardie afdeling hou nie, die besluit nie van krag word nie totdat dit skriftelik goedgekeur word deur ander lede van daardie afdeling wie se aandele tesame met die aandele van die lede wat ten gunste van bedoelde besluit gestem het, twee-derdes van die totale waarde van aandele in daardie afdeling oorskry.

(2) Die raad of die lede van die vereniging in die geval van 'n besluit deur hulle ingevolge sub-artikel (1) geneem, moet 'n likwidateur aanstel om die likwidasie van die vereniging te beheer.

(3) Indien die raad of lede van die vereniging, na gelang van die geval, versuim om 'n likwidateur te benoem, kan die registrateur, na goeddunke, iemand as likwidateur benoem.

(4) Elke benoeming van 'n likwidateur kragtens hierdie artikel is onderworpe aan die goedkeuring van die registrateur wat so 'n benoeming kan bekragtig of verwerp of sy vorige goedkeuring kan terugtrek sonder vermelding van enige rede daarvoor.

(5) Indien die persoon wat as likwidateur aangestel is om enige rede ophou om as sodanig te funksioneer, stel die registrateur iemand anders in sy plek as likwidateur aan.

(6) Elke likwidateur moet tot bevrediging van die registrateur sekerheid stel vir die behoorlike verrigting van sy pligte as likwidateur.

(7) Elke sodanige likwidasie vind plaas, behoudens die bepalings van hierdie artikel, op die wyse by die statute voorgeskryf.

(8) Gedurende sodanige likwidasie bly die bepalings van hierdie Wet op die vereniging van toepassing, asof die likwidateur die raad van die vereniging was.

(11) The officer in charge of a deeds registry or other office in which is registered any mortgage bond or any immovable property which is transferred in accordance with the provisions of subsection (10) shall, upon production to him by the society concerned of such bond or of the title deeds of such immovable property and a certificate by the registrar of the registration by him of the notice of amalgamation or transfer, as the case may be, make such endorsements upon such bond or title deeds and such alterations in his registers as are necessary by reason of such amalgamation or transfer without payment of transfer or stamp duty or registration fees or charges.

(12) The amalgamation of societies or transfer of assets and liabilities under the provisions of this section shall not affect the rights of any creditor of either or any of the societies concerned."

44. The following section is hereby substituted for section *thirty-eight* of the principal Act:

"Winding-up of terminating society.

38. (1) A terminating society shall be wound up when the period (if any) fixed by its rules for the duration of the society expires, or the event (if any) occurs, on the occurrence of which the rules provide that the society is to terminate or when not less than two-thirds of the members of each section of the society by resolution vote in favour of such winding-up at a special general meeting of members called for the purpose: Provided that where the members of each section so voting in favour of such resolution do not hold more than two-thirds of the value of shares of such section, the resolution shall not become effective until it obtains the concurrence in writing of other members of such section whose shares together with the shares of the members who voted in favour of the said resolution exceed in value two-thirds of the total value of shares in such section.

(2) The board, or the members of the society in the case of a resolution passed by them in terms of sub-section (1), shall appoint a liquidator to conduct the winding-up of the society.

(3) If the board or members of the society, as the case may be, fail to appoint a liquidator the registrar may, in his discretion, appoint a person as liquidator.

(4) Every appointment of a liquidator under this section shall be subject to the approval of the registrar who may confirm or reject such appointment or withdraw his prior approval without assigning any reason therefor.

(5) If for any reason the person appointed as liquidator ceases to function as such, the registrar shall appoint another person in his stead as liquidator.

(6) Every liquidator shall give security to the satisfaction of the registrar for the proper performance of his duties as liquidator.

(7) Every such winding-up shall, subject to the provisions of this section, take place in the manner prescribed by the rules.

(8) During such winding-up the provisions of this Act shall continue to apply to the society, as if the liquidator were the board of the society.

(9) (a) Die likwidateur moet binne agt-en-twintig dae na verstryking van die in sub-artikel (1) bedoelde tydperk of die plaasvind van die daarin bedoelde gebeurtenis of die neem van 'n daarin bedoelde besluit, na gelang van die geval, by die registrator indien, in tripikaat en behoorlik deur hom gesertifiseer as juis, 'n inkomste- en uitgawerekening, 'n staat van bates en laste van die vereniging by die aanvang van die likwidasië en 'n distribusierekening wat die wyse aantoon waarop bedoelde bates en laste aangewend en afgelos gaan word.

(b) Vir die doel van hierdie artikel word die inkomste- en uitgawerekening en staat van bates en laste opgestel in dieselfde vorm as in die geval van die rekening en balansstaat wat aan die in artikel dertig bedoelde jaarlikse algemene vergadering voorgelê word en beteken die woord 'rekenings' verder die voormelde inkomste- en uitgawerekening, staat van bates en laste en distribusierekening.

(10) Die registrator stuur 'n duplikaat van die rekenings aan die landdros van die distrik waarin die hoofkantoor van die vereniging geleë is.

(11) Die rekenings moet by die kantoor van die registrator ter insae lê, en die duplikaat daarvan moet by die kantoor van die landdros van bedoelde distrik ter insae lê van belanghebbende persone vir so 'n redelike tydperk, wat nie minder dan veertien dae is nie, as wat die registrator bepaal.

(12) Die registrator laat op koste van die vereniging in die *Staatskoerant* en in een Afrikaanstalige en een Engelstalige koerant in omloop in bedoelde distrik 'n kennisgewing publiseer met vermelding van die tydperk waarin en die plekke waar die rekenings ter insae soos voormeld sal lê en met die versoek aan alle belanghebbende persone om by die registrator voor 'n vermelde dag, wat nie vroeër dan sewe dae na verloop van bedoelde tydperk is nie, enige beswaar teen die rekenings skriftelik in te dien met die redes daarvoor.

(13) Indien die registrator van mening is dat—

- (a) enige beswaar by hom ingedien, gehandhaaf behoort te word; of
- (b) nietaenstaande dat geen beswaar by hom ingedien is nie, enige onbehoorlike debiet teen die bates gemaak is of dat die rekenings in enige opsig verkeerd is en gewysig behoort te word,

kan hy die likwidateur gelas om die rekenings te wysig of kan hy die ander lasgewings gee wat hy goeuvind.

(14) Wanneer 'n ingevolge sub-artikel (13) gegewe lasgewing die belange raak van iemand wat nie 'n beswaar by die registrator ingedien het nie, moet die rekenings aldus gewysig weer op die wyse hierbo voorgeskryf ter insae lê en geadverteer word, tensy die persoon wat soos voormeld geraak word, skriftelik toestem tot die onmiddellike bekragtiging van die distribusierekening.

(15) Nadat die rekenings ter insae geleë het soos hierbo voorgeskryf en indien die registrator oortuig is dat die rekenings korrek is, en dat aan sy lasgewings, vir sover as wat hulle nie deur die hof ter syde gestel of gewysig is nie, uitvoering gegee is, bekragtig hy die distribusierekening.

(16) Onmiddellik na die bekragtiging van 'n distribusierekening moet die likwidateur daartoe oorgaan om die bates ooreenkomstig daarmee te distribueer en moet hy onverwyld die kwitansies vir die betalings aldus gedoen by die registrator indien.

(9) (a) The liquidator shall within twenty-eight days after the expiry of the period or occurrence of the event, or adoption of a resolution, as the case may be, referred to in sub-section (1) lodge with the registrar, in triplicate and duly certified by him as correct, a revenue and expenditure account, a statement of assets and liabilities of the society at the commencement of the winding-up and a distribution account showing the manner in which the said assets and liabilities are to be applied and discharged.

(b) For the purpose of this section the revenue and expenditure account and statement of assets and liabilities shall be prepared in the same form as in the case of the account and balance sheet which is submitted to an annual general meeting referred to in section thirty and furthermore the word 'accounts' shall mean the aforesaid revenue and expenditure account, statement of assets and liabilities and distribution account.

(10) The registrar shall transmit a duplicate of the accounts to the magistrate of the district in which the head office of the society is situate.

(11) The accounts shall lie open at the registrar's office, and the duplicate thereof shall lie open at the office of the magistrate of the said district, for inspection by persons interested, for such reasonable time, not being less than fourteen days, as the registrar may determine.

(12) The registrar shall at the cost of the society cause to be published in the *Gazette* and in one Afrikaans and one English newspaper circulating in the said district a notice stating the period during which and the places at which the accounts will lie open for inspection as aforesaid, and calling upon all persons interested to lodge in writing with the registrar before a stated day, not being earlier than seven days after the close of the said period, any objection to the accounts, with the reasons therefor.

(13) If the registrar is of opinion that—

- (a) any objection lodged with him ought to be sustained; or
- (b) notwithstanding that no objection has been lodged with him, any improper charge has been made against the assets, or that the accounts are in any respect incorrect and should be amended,

he may direct the liquidator to amend the accounts or may give such other directions as he may deem fit.

(14) When any direction given in terms of sub-section (13) affects the interests of a person who has not lodged an objection with the registrar, the accounts so amended shall again lie open for inspection and advertised in the manner hereinbefore prescribed, unless the person affected as aforesaid consents in writing to the immediate confirmation of the distribution account.

(15) After the accounts have been open to inspection as hereinbefore prescribed, and if the registrar is satisfied that the accounts are correct, and that his direction, in so far as they have not been set aside or varied by the court, have been given effect to, he shall confirm the distribution account.

(16) Immediately after the confirmation of any distribution account the liquidator shall proceed to distribute the assets in accordance therewith and shall without delay lodge with the registrar the receipts for the payments so made.



(17) Indien enige bedrag wat volgens die distribusierekening betaalbaar is, vir 'n tydperk van twee maande na die bekragting van die distribusierekening onopgeëis bly, moet die likwidateur onmiddellik sodanige bedrag in die Voogdyfonds stort en moet hy bewys van sodanige storting aan die registrateur voorlê.

(18) Die likwidateur van 'n vereniging wat kragtens hierdie artikel gelikwieder word, kan al die bates en laste van daardie vereniging oordra aan 'n ander tydelike vereniging, in watter geval die bepalings van artikel *sewe-en-dertig mutatis mutandis* van toepassing is.

(19) Indien die registrateur oortuig is dat die likwidasie voltooi is, kanselleer hy die registrasie van die vereniging en daarop is die verenging ontbind."

45. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet a artikel *agt-en-dertig* ingevoeg:

Likwidasie in 'n afdeling in 'n tydelike vereniging.

38bis. (1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel, word 'n afdeling van 'n tydelike vereniging gelikwieder wanneer die tydperk (as daar is) deur die statute vir die duur van die afdeling bepaal, verstryk of die gebeurtenis (as daar is) plaasvind by die plaasvind waarvan volgens voorskrif van die statute die afdeling beëindig word.

(2) (a) Die raad moet binne agt-entwintig dae na die verstryking van die in sub-artikel (1) bedoelde tydperk of die plaasvind van die daarin bedoelde gebeurtenis in triplikaat en behoorlik onderteken deur twee direkteure en die sekretaris en gesertifiseer deur die outiteur wat betref hulle juistheid, 'n inkomste- en uitgawerekening, 'n staat van bates en laste van die afdeling by die aanvang van die likwidasie en 'n distribusierekening opstel wat die wyse aantoon waarop bedoelde bates en laste aangewend en afgelos gaan word.

